

NWU & U

AS ALUMNI

ALUMNItydskrif

30 jaar se toptalent tree op

BINNE

- NWU wil sy koolstofvoetspoor verklein
- Alumnus verken die heelal
- Kernkrag is veiliger as wat jy dink





NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

24

38

20



VOORBLAD: Die bekende sangeres en NWU-alumna, Anna Davel, het tydens die Feeskonsert op 18 Mei 2013 op die Potchefstroomkampus opgetree. Lees meer oor hierdie feestelike geleentheid op p 38 en 39.

Inhoud

Redaksioneel

- 4 Boodskap van die visekanselier
- 5 Ons deel ons kundigheid
NWU-kundiges ken hul storie
- 6 Dit kom van ver af

Nuus

- 7 Mafikeng-rekenmeesters blink uit
- 8 Alma mater laat die harte steeds warm klop
- 10 Vennootskappe verseker volhoubare voortbestaan
- 11 Kenners se woorde is goud werd
- 12 Besigheidskool is mossie, maar man
- 13 NWU loop voor met moedertaalonderrig
- 14 Werkgewers skep die room van die oes
- 16 Kampusnuus

Profiele

- 19 'n Mens is nooit te oud om te leer nie
- 20 Sy tent is tussen die sterre
- 22 Herskep die kernbedryf
- 24 Lewenslange vriende gemaak
- 26 Perseverance doen haar naam gestand
- 28 Die lang pad na sukses

Artikels

- 31 Gaan groen of gaan huis toe
- 34 Argief bewaar gister se waterdata vir môre
- 35 Borg woorde vir WAT en wen
- 36 Ikateleng bou 'n beter toekoms
- 38 Talentfees betower



Redaksionele span:

Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse.

Bladuitleg:

Studio Chatnoir.

Drukwerk:

Ivylite Technologies.

Fotografie:

NWU-kollegas en -diensverskaffers.

Vir verdere navrae/

korrespondensie:

Nelia Engelbrecht - Tel 018 299 4937,
faks 086 614 3222.

Die NWU & U word deur die Institusionele Bevordering-departement van die NWU in Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë wil hê, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die NWU & U in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.



Boodskap van die visekanselier

Beste alumnus

As instelling bevind ons onself nege jaar ná die samesmelting in 'n bloeitydperk en met 'n goeie aanduiding dat die bereiking van ons missie om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, in sig is.

Wat onderrig-leer aanbetref, is ons graadverwerwingskoers steeds die hoogste in die land (26,6% teenoor 'n nasionale gemiddeld van 17%). Ons voorgraadse slaagsyfer is 85% (teenoor die nasionale gemiddeldes van in die mid-70's), en ons eerstejaar-uitvalkoers is rondom 12%, ver onder die sektor wat tussen 20% en 30% lê.

Ons tel onder die voorste ses universiteite as dit by totale navorsingsuitsette kom. Ons het vanaf 2005 tot in 2011 ons navorsingsuitsette met 70% verbeter, en dit lyk asof ons 2012-navorsingsgroeï ook baie goed gaan wees.

Vir 2013 het ons 'n verbysterende 22 000 aansoeke vir voltydse nuweling-inskrywings ontvang. Ongelukkig het almal nie vir registrasie opgedaag nie. Van die redes hiervoor is swakker matriekuitslae in veral wiskunde, 'n gebrek aan fondse vir studies, en die feit dat ons nie genoeg koshuisinwoning beskikbaar het nie.

Dus, al ontvang ons 30% meer aansoeke as ons teiken vir eerstejaarsinskrywings, bly dit steeds 'n uitdaging om hierdie teikens te bereik.

Wat finansies betref, gaan dit baie goed met die NWU. 'n Begroting van R2,7 miljard is nie kleingeld nie, maar ons is dankbaar dat ons 'n gelykbreekbegroting het – dit ten

spyte van die feit dat ons subsidie effe minder was as waarop ons gereken het. (2012 se subsidie-inkomste was slegs 42,4% van ons totale inkomste).

Met betrekking tot infrastruktuur-ontwikkeling het ons danksy verdere investering deur die staat en ons eie bydrae (in totaal R439 miljoen die afgelope drie jaar!) 'n aantal groot projekte in die pyplyn vir die volgende twee jaar.

Op die hoëronderwyssektorfront is ons veral bekommerd oor 'n tendens van oorregulering vanaf die kant van die Minister. Die NWU is ten gunste van verantwoordbare verslagdoening, maar om op die vlak van operasionele planne van instellings in te meng, druis in teen die beginsel van institusionele outonomie. Die jongste wysigings aan die Wet op Hoër Onderwys gee ook aansienlike magte aan die Minister om in te gryp in instellings.

Die Minister het ook 'n Transformasie-oorsigkomitee benoem – dit terwyl die meeste universiteite deur hul rade

die saak ten volle bestuur. In ons geval bly transformasie stewig op ons agenda deur die eerste missie-element van die Institusionele Plan en monitering deur die Raad se Transformasie-oorsigkomitee.

Ek is veral besorg dat die Minister se komitee net op gelykheid gaan fokus en nie op transformasie in die volle sin van die woord nie. Ons sal egter ons volle samewerking gee.

Die Minister gaan ook volstoom voort met die daarstel van twee nuwe universiteite in Mpumalanga en die Noord-Kaap. Vroeë aanduiding is egter dat hierdie aktiwiteite nie noodwendig 'n beduidende impak op ons sal hê nie.

Noudat ons deur al die groeipyne na die samesmelting is, wil ons graag meer aandag skenk aan aspekte wat ons dalk effens afgeskeep het. Een so 'n saak is ons verhouding met ons alumni, en in hierdie uitgawe kan u meer lees oor inisiatiewe in hierdie verband.

In geheel gesien gaan dit steeds baie goed met u alma mater. Baie dankie vir u voortgesette ondersteuning!

Hartlike groete

Jhans Elst

	Kontak	Afstand	Totaal
Mafikeng	9 395	925	10 320
Potchefstroom	19 704	28 797	48 501
Vaaldriehoek	6 385	26	6 411
Totaal	35 484	29 748	65 232

Met net onder die 8 000 nuweling-inskrywings vir 2013 sien ons totale studentegalle tans soos hierbo uit. (Nagraadse registrasies is nog oop en die syfers sal dus nog toeneem.)

Ons deel ons kundigheid

Om kennis en vaardighede te hê, is prysenswaardig, maar sonder dat dit gedeel word of aangewend word tot voordeel van die mensdom of die planeet, is dit soos 'n kosbare skat wat in die donker lê en stof vergaar.

Kyk 'n mens na hierdie uitgawe van die NWU & U, is dit duidelik dat die NWU se alumni hul kundigheid nie net vir hulself hou nie, maar deel met gemeenskappe, die land en die wêreld.

So deel mnr Boikanyo Ntuane byvoorbeeld sy kennis oor kernveiligheid. Lees op p 22 hoe hierdie kernkragkundige wêreldwyd betrokke is by die verbetering van veiligheidstelsels sodat mens en planeet sonder gevaar kan voordeel trek uit die vreedsame toepassings van kernkrag.

Die artikel op p 18 vertel van die verwondering waarmee prof Pieter Meintjies sy kundigheid implementeer om die geheime van die heelal te ontrafel en Suid-Afrika op die voorpunt van internasionale navorsing in astrofisika te plaas.

Alles wat ons doen – of ons nou besig is met kernveiligheid of astrofisika – moet ons egter met verantwoordelikheid aanpak om ons volhoubare voortbestaan op aarde te verseker.

In hierdie uitgawe is dit duidelik dat die NWU en sy alumni terdeë bewus is hiervan.

Lees op p 36 en 37 hoe die NWU "groen gaan" om sy koolstofvoetspoor te verklein en op p 29 hoe een van ons alumni, mnr Corrie Botha, vertel hoe sy maatskappy hul deel tot 'n groener Suid-Afrika bydra deur herwinning en optimale benutting van natuurlike hulpbronne.

Op p 34 en 35 vertel prof Johann Tempelhoff van die Vaaldriehoek-

kampus hoe die bewaring van ons watererfenis in 'n argief kan bydra tot die toekomstige ontwikkeling van ons waterbronne en uiteindelik die volhoubaarheid van lewe op aarde.

Ja, oral in hierdie uitgawe is bewyse van hoe NWU-alumni hul kennis deel en aanwend om innoverende oplossings vir uitdagings te vind en die lewenskwaliteit van mense te verbeter. Daarom dat ons amptelik erkenning wil gee aan ons top-alumni. Lees op p 7 hoe die nominasieproses vorder vir die toekennings wat in September oorhandig gaan word.

Hoewel hierdie uitgawe van die NWU & U propvol verhale oor ons alumni is, besef ons dis net die ore van die seekoei. Ons weet daar is duisende alumni wat nie skroom om hul kennisskatte te deel nie. Vir hulle haal ons die spreekwoordelike hoed af en sê: Doen so voort!

Lekker lees,

Marelize en Nelia



NWU-kundiges ken hul storie

Die NWU se kundiges word dikwels in die media aangehaal, wat die openbare beeld van die universiteit uitbou as 'n instelling wat streef na kennis en innovasie om ander in staat te stel om hul lewenskwaliteit te verbeter. Ons deel graag van ons kundiges se kommentaar:

“Daar is 'n tekort aan gekwalifiseerde geoktrooieerde en forensiese rekenmeesters in Suid-Afrika en albei is ook in groot aanvraag in die buiteland.”

Prof Susan Visser,
Fakulteit
Ekonomiese
en Bestuurs-
wetenskappe,
Potchefstroom-
kampus

Beeld,
27 Maart 2013



“Water- en grondoorloë kan in Afrika-state suid van die Sahara uitbreek weens groot maatskappye en ander lande se vraag na grond. Sedert 2008, met die wêreldwye styging in kospryse, het private beleggers en regerings groot geld in grond belê. ...Dit wil voorkom asof veral grond met 'n oorvloed waterbronne in die visier van die beleggers is.”

Prof Johann Tempelhoff,
Skool vir Basiese
Wetenskappe,
Vaaldriehoek-
kampus

Beeld,
18 Februarie 2013



Dit kom van ver af



Dit is met 'n warm gevoel om die hart dat 'n mens die briewe van ons alumni lees. Ons deel dit graag hier met ons lesers.

Beste redaksie,

Baie, baie dankie vir die alumni-tydskrif, NWU & U, wat ek die afgelope jaar ontvang het.

Vir my is dit amper soos 'n "stem in die woestyn". Dit beteken baie vir my op my oudag – ver weg van my alma mater en Potchefstroom.

Groete en nog baie om voor dankbaar te wees,
Jessie le Grange,
Bloemfontein

Beste redaksie,

Ek het per toeval op die NWU & U afgekom op die internet.

Ek ontvang die e-PUKaner via e-pos, maar het glad nie geweet so 'n fantastiese tydskrif is vir ons alumni beskikbaar nie.

En nou lees ek juis dat ek die Kaapstadse alumni-saamtrek gemis het ... 😊 ▶

Ek vind die NWU & U smaakvol, volwasse en interessant en sien daarna uit om die tydskrif te ontvang.

By voorbaat dank,
Marné van der Westhuizen,
Constantia

Beste redaksie,

Mens kan net saamstem met al die briewe wat julle van die oud-Pukke kry (soos ons destyds bekend was). Ons as oudstudente is werklik trots op wat die NWU vermag. Dis ongelooflik!

Twee van my seuns het aan die NWU studeer en ons hoop om heelwat van ons kleinkinders ook eendag soontoe te kan stuur.

Sterkte vorentoe en mag die NWU net van krag tot krag gaan.

Groete,
Irene Rumpff-Harms (1960 -1962)
Groenkloof, Pretoria

Skryf gerus en vertel vir ons waar in die wêreld julle jul bevind en hoe dit met jul loopbane gaan, of skryf sommer oor ditjies en datjies wat julle na aan die hart lê. Stuur julle briewe na nelia.engelbrecht@nwu.ac.za, faks dit na 086 614 3222 of pos dit aan Nelia Engelbrecht, Institusionele Kantoor, Noordwes-Universiteit, Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520.

ONS HOOR GRAAG VAN JULLE!

Beste redaksie,

Ek werk nog tydelik hier op Potchkampus en het die NWU & U almal ontvang. Ek dink dis veral vir die afkampus-alumni baie waardevol om hulle op hoogte te hou van die prestasies en nuus van die NWU.

Groete,
Faans Steyn, Potchefstroom



Me Mauryn du Toit (née Bouver) van Bela-Bela, 'n alumna van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, het vroeër vanjaar gebel en heerlik gesels. Hier is 'n kort weergawe van wat sy vertel het:

"Ek is nou 92 jaar oud en bestuur nog my eie motor – darem meestal net kerk en bank toe. Ek moet sê, dit is vir my 'n wonderlike tyd van my lewe. My kop voel 40 jaar oud, al voel my voete soms 110 jaar oud.

"Ek het nou die dag nog met my ou studentemaat, Piet Malan, gepraat. Dié is nou 94 jaar oud. Ek het hom herinner aan die tyd toe ek in 1939 as twintigjarige van die trein af geklim het by die voormalige PU vir CHO. Hy was nog die eerste metgesel saam met wie ek na 'n geselligheid

op die kampus gegaan het. Dit beteken dat ek en hy mekaar nou al 74 jaar lank ken.

"Van die oorlogsjare onthou ek die skaarsheid van items soos sykouse. My pa kon darem vir ons sykouse in die hande kry en omdat ek dit kon uitdeel, was ek baie populêr in dié dae!

"Ek onthou ook dat die Senaat besluit het dat dames wat nie sykouse in die hande kon kry nie, maar 'kaalbeen' kon klasloop."

"Sedert ek my graad behaal het, was ek vir 30 jaar lank 'n Latyn-onderwyseres. Van my leerlinge was later professore by die PU vir CHO, onder andere prof Willem van Drimmelen.

"Ons was destyds sewe dames wat baie geheg was aan mekaar – van hulle is dit nog net ek wat oor is. My man, Wouter, het ook op die PU vir CHO studeer en was later 'n bekende in rugbykringe. Vandag het ek kinders, kleinkinders en agterkleinkinders en hou ek kontak met hulle deur Facebook."

Mafikeng-rekenmeesters blink uit



Graduandi van die NWU se Mafikengkampus het baie goed gevaar in vanjaar se Aanvanklike Bevoegdheidstoets-eksamen van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR).

Die uitslae wys dat 11 van die 12 kandidate wat die eksamen deurgekom het hul BCom-grade aan die Skool vir Rekeningkunde op die Mafikengkampus verwerf het.

Aangesien die skool nog nie 'n honneurs-program in rekeningkunde aanbied nie, het hierdie studente hul nagraadse studies elders voltooi, byvoorbeeld by die NWU se Potchefstroomkampus, by die Universiteit van Johannesburg of by Unisa.

Prof Akbar Bootha, die direkteur van die Skool vir Rekeningkunde, sê dis 'n uitstaande prestasie.

“In die laaste 30 jaar kon die Mafikengkampus nog net 23 geoktrooieerde rekenmeesters oplewer. Met 11 van ons studente wat die eerste gedeelte deurgekom het, het ons amper die helfte van die totaal binne een jaar bereik.”

“Hoewel dié van ons voormalige studente wat wel as geoktrooieerde rekenmeesters gekwalifiseer het hoë poste in die handel en nywerheid beklee, is die getalle steeds heeltemal te laag,” voeg hy by.

“Hierdie land benodig dringend swart geoktrooieerde rekenmeesters en ons moet hard werk om hulle te lewer.

“Ons het sekere korrektiewe maatreëls getref en toepaslik gekwalifiseerde personeel aangesel. Ons het nou ses dosente wat geoktrooieerde rekenmeesters is, en dit het gehelp om die standaard te verbeter en 'n beter program daar te stel.”

Die BCom Geoktrooieerde Rekeningkunde- en Finansiële Rekeningkunde-program op die Mafikengkampus is volledig belyn met die ander kampusse van die NWU.

In 'n eksterne programevaluering wat verlede jaar deur SAIGR gedoen is, het die NWU 'n gradering van een gekry. Dit beteken dat die universiteit aan al die akkrediteringsvereistes voldoen.

Die Mafikengkampus is ook 'n deelnemer aan die Thuthuka-beursfondsprojek, 'n inisiatief van SAIGR om die getal swart geoktrooieerde rekenmeesters in die land te verhoog. ▶

Top-alumni ding mee

Altesaam 26 NWU-alumni is genomineer vir die universiteit se eerste Alumni van die Jaar-toekennings en die gesogte Lewensprestasietoekenning wat vanjaar vir die eerste keer gemaak sal word.

“Die kaliber van die persone wat genomineer is, is van 'n baie hoë gehalte; dit is werklik kandidate wat die geskiedenis herskryf het en toppresterders wêreldwyd is,” sê me Nina Brazer, Direkteur: Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge.

Die uitvoerende komitee van die Konvokasie sal binnekort die nominasies oorweeg en be-

hoort teen die einde van Junie te besluit wie die Alumni-toekennings en die Lewensprestasietoekenning gaan ontvang.

Die wenners sal tydens 'n glansgeleentheid op 6 September 2013 in Johannesburg bekend gemaak word.

Van die nominasies wat ontvang is, is vyf van die Mafikengkampus, 16 van die Potchefstroomkampus en vyf van die Vaaldriehoek-kampus.

Hou die laaste uitgawe van die NWU & U vir 2013 dop om te sien wie ons top-alumni is. ▶

Alma mater laat die harte steeds warm klop

Te oordeel aan die geesdrif waarmee oudstudente van die NWU tot dusver die verskillende alumni-aktiwiteite in 2013 bygewoon het, klop die harte nog warm vir hul alma mater. Lees gerus wat reeds gebeur het en wat nog voorlê vir die res van die jaar.

Prof Dan Kgwadi, rektor van die Mafikeng-kampus (links) en mnr Thabang Tikane, 'n alumnus en Konvokasie-lid kuier gesellig saam tydens die gala-aand verlede jaar. Dié besondere alumni-geleentheid vind vanjaar op 15 November plaas.



Mafikeng kry eie alumni-vereniging

Die Mafikengkampus spog nou vir die eerste keer met sy eie amptelike alumni-vereniging waarvan die grondwet in Maart 2013 goedgekeur is.

“Ons alumni is baie in hul skik met dié gebeure,” sê me Susan van Rooyen, die alumni-koördineerder op die kampus.

Ingenome alumni uit die Mafikeng-omgewing het op 13 en 14 Maart 2013 met nuwe geesdrif op die kampus vergader.

Tydens dié vergadering het hulle verskeie moontlike voordele vir alumni bespreek, byvoorbeeld dat alumni 'n lewenslange e-posadres kan kry en dat hulle lewenslange toegang tot die biblioteek op die kampus mag hê.

'n Lapelseldjie is ook vir alumni ontwerp en sal binnekort die kenteken wees waaraan trotse Mafikengkampus-alumni uitgeken sal kan word.

Gedurende 2013 sal verskillende alumni-groepe of “chapters” van die Mafikengkampus byeenkom.

In Julie gaan personeel van die kampus se alumni-kantoor die oudstudente in Pietersburg besoek en kort daarna, in Augustus, kom die alumni van Warmbad en Pretoria aan die beurt.

Die volgende byeenkoms is in September wanneer Vrystaatse alumni in Bloemfontein sal vergader.

Alumni kan ook uitsien na die jaarlikse gala-aand op 15 November wanneer die rooi tapyt oudergewoonte op die kampus uitgerol gaan word.

“Dié glansgeleentheid is reeds gevestig as 'n besondere datum op die dagboeke van ons alumni,” sê Susan.

Na verwagting sal sowat 600 alumni die kampus daardie naweek besoek. As deel van die feestelikhede word 'n kampustoer en 'n gholfdag vir die oggend van 15 November beplan.

Vir meer inligting oor alumni-aangeleenthede op die Mafikengkampus, skakel met Susan by 018 389 2509 of susan.vanrooyen@nwu.ac.za.



▲ Alumni van die Potchefstroomkampus wat die reünie vir oudstudente van Rekeningkunde en Bedryfswiskunde en Informatika op 18 April in Johannesburg bygewoon het, is van links mnr Dirk Greyvenstein, mnr Danie Blignaut, mnr Emile Cloete en me Michelle Carroll.

Potchefstroom laat die vonkelwynproppe klap

In November 2012 het Potchefstroom-alumni die vonkelwynproppe laat klap, maar dit was sonder die toedoen van die wyngilde se fynproewers.

Nee, dit was vrolike alumni-gholfspelers wat dit ná 22 jaar kon regkry om die Nedbank Interuniversitêre Alumni-gholfdag te wen.

Sedert die manne dié oorwinning onder leiding van die spankaptein, mnr Johann Steyn behaal het, het lede van die alumni-gholfklub ook verskeie kere in 2013 afgeslaan en wag daar verdere kompetisies in September, Oktober en November.

Volgens die organiseerder, mnr Frik Prinsloo, groei die klub steeds elke jaar. "Die spelers kom van regoor Noordwes, Gauteng en van die Vrystaat af en geniet elke byeenkoms terdeë," sê hy.

Die gholfspelers was egter nie die enigstes wat hulself geniet het nie – lede van die wyngilde het ook tydens verskeie byeenkomste gesellig rondom die wynvat gekuier.

As jy graag in die tweede helfte van die jaar saam met hulle 'n glasie wil klink, skakel gerus met me Yolandi Yssel van die alumni-kantoor by 018 299 2768 of yolandi.yssel@nwu.ac.za.

Gedurende die eerste helfte van 2013 het reünies ook nie agterweë gebly nie. Oud-inwoners van koshuise, lede van die Alabama-studentegeselskap en alumni wat regte, bedryfswiskunde en informatika of rekeningkunde studeer het, het van heinde en verre saamgekom om oor die ou dae te gesels.

Ander geleenthede wat voorlê sluit in Eikenhof se 20 jaar-reünie en alumni-saamtrekke in Nelspruit, George en Betlehem.

'n Rooiletterdatum op die kalender is 8 November wanneer die eerstejaars van 1963 op die kampus gaan reünie hou.

Die alumni-kantoor wil graag kontak maak met oudstudente wat in daardie jaar by die voormalige PU vir CHO of Potchefstroomse Onderwyskollege (Pote) ingeskryf het. Kontak asseblief die alumni-kantoor indien jy, of iemand wat jy ken deel was van hierdie groep. ▶

Vaal fokus op leer én jolyt

Sedert die begin van 2013 het die Vaaldriehoekkampus voorsiening gemaak vir pitkos vir die brein én vir ritme vir die hart.

Tydens 'n ontbytgeleentheid op 12 Maart 2013 op die kampus het ekonoom Dawie Roodt die kollig op die begrotingstoespraak van minister Pravin Gordhan laat val. Dawie is die hoofekonoom van die Efficient Group en aanbieder van die TV-program Ontbysake op die betaalkanaal KykNET.

Dié pitkos is op 10 Mei 2013 opgevolg deur 'n goeie dosis musiekplesier by die Emerald-casino in Vanderbijlpark waar Lloyd Cele, wat tweede was in Suid-Afrika se Idols 2010-kompetiese, die alumni met sy sangtalent vermaak het.

Die geleentheid was veral gemik op jonger alumni – dié wat ná 2000 gegradeer het – maar ouer alumni wat nog lekker jonk van gees voel, het ook in die feestelikheid gedeel.



▲ Ekonoom Dawie Roodt tree op as gasspreker tydens die alumni-byeenkoms op 12 Maart 2013. Sy voorspelling tydens dié geleentheid dat die petrolprys in April vanjaar sou daal, het intussen waar geword.

Nog musiekjolyt wag vir alumni in Augustus wanneer dit Heinz Winckler, Suid-Afrika se heel eerste Idols-wenner, se beurt is om hulle te vermaak.

Die volgende sake-ontbyt sal op 15 Oktober 2013 plaasvind. Tydens hierdie geleentheid sal die gasspreker, prof Hugo Pienaar, oor arbeidsverhoudinge gesels.

As jy meer van 2013 se alumni-aktiwiteite op die Vaaldriehoekkampus wil weet, stuur gerus 'n e-pos aan me Alwine Naude by alwine.naude@nwu.ac.za. ▶

Vennootskappe verseker volhoubare voortbestaan

Vir sy volhoubare voortbestaan het die NWU die ondersteuning van mense soos sy alumni nodig en om hierdie ondersteuning te verseker, moet die universiteit aktief bevorder word.

Bevordering is iets waarop universiteite wêreldwyd al hoe meer fokus. In pas hiermee het die NWU ook onlangs 'n volwaardige bevorderingskantoor in die afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge gevestig, met me Nina Brazer as direkteur.

Die vestiging van dié kantoor hou verband met die feit dat universiteite nie meer net op staatsbefondsing kan staatmaak nie – om te oorleef en te floreer moet hulle self alternatiewe hulpbronne soek.

Meer as fondse insamel

Hierdie hulpbronne kan deur bevordering ontsluit word. Blote fondsinsameling is dit egter nie – bevordering gaan oor mense, moontlikhede, ondersteuningsnetwerke en wedersyds voordelige vennootskappe.

“Ons moet besluite neem en praktyke vestig wat geleenthede vir ons sal open en dit vir ons moontlik sal maak om ‘n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewena kennis en innovasie’ te wees,” sê Nina.

“Om dit te bereik, moet ons betrokke raak by ons belanghebbendes – onder meer ons alumni – om te verseker dat hulle ons vennote word vir toekomstige bevordering.”

Vennootskappe moet egter wedersyds voordelig wees – 'n verhouding van ontvang én gee.

In so 'n wedersyds voordelige vennootskap ondersteun groepe soos die sakesektor en die regering byvoorbeeld die NWU se navorsing, terwyl hierdie navorsing aan die ander kant help met kennis, innovasie en oplossings.

Op dié manier word die NWU se kundigheid as't ware 'n hulpbron vir die samelewing en raak die universiteit betrokke by die ontwikkeling van gemeenskappe en die

omgewing. Dit lei verder daartoe dat die universiteit uiteindelik ook nasionaal relevant en internasionaal erken word.

Koördineer en belyn

Die bevorderingskantoor is in die Institusionele Kantoor geleë en verskaf strategiese leiding aan die kampusse.

“Ons wil strategieë ontwikkel wat onder meer bevorderingsaktiwiteite dwarsoor die NWU koördineer en belyn en uiteindelik help om beleggings op só 'n manier te kanaliseer dat dit maksimum impak sal hê,” sê Nina.

Die kantoor wil ook die kampusse help om hul kapasiteit te bou ten opsigte van fasiliteite, toerusting, personeel, vaardighede en stelsels, sodat bevorderingsaktiwiteite uiteindelik op al drie kampusse ewe suksesvol sal wees.

Raak betrokke

“Sonder mense soos ons alumni is ons hande egter afgekap. Elkeen van hulle het die potensiaal om 'n verskil te maak – ongeag hoe groot of klein – en daarom wil ons hulle aanmoedig om meer betrokke te raak by die vorming van die toekoms van die universiteit,” sê Nina.

Alumni se betrokkenheid verseker nie net 'n volhoubare toekoms vir die universiteit nie – dit sterk ook die universiteit se hande om ander in staat te stel om hul verbeelding vry teuels te gee en hul beste selfs beter te maak.

“By die NWU gaan dit immers oor meer as net onderwys – dit gaan oor die geleenthede wat onderwys vir mense bring. Deur hul ondersteuning kan alumni saam met die universiteit sê: dit begin alles hier – mense se drome en strewes, en hul toekomstige sukses.”

Alumni wat betrokke wil raak by die bevordering van die NWU, kan met me Izette Schouwstra by 018 299 4968 skakel. ▀



▲ Me Nina Brazer is die direkteur van die afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge.



Kennerse woorde is goud werd

Die woorde van NWU-kundiges wat die media te woord gestaan het in 2012 het 'n astronomiese R285 miljoen se gratis publisiteit vir die universiteit verdien.

Alumni het waarskynlik al baie van die NWU se kundiges oor die radio hoor praat, op TV gesien of hul kommentaar in die koerante en tydskrifte gelees.

Veral prof André Duvenhage, die direkteur in die navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie en professor in politieke studies op die Potchefstroomkampus, is al 'n bekende in die mediawêreld.

Sy gereelde politieke kommentaar het hom die toekenning van Woordvoerder van die Jaar in die sak gebring. Hiervoor het hy 'n wissel-trofee en kontantprys van R20 000 tydens 'n toekenningsgeleentheid op 22 April 2013 in Potchefstroom ontvang. Aangesien hy ook in twee van die subkategorieë (uitsaai- en aanlynmedia) 'n wenner was, het hy 'n verdere R10 000 ontvang.

Prof André is 286 keer in 2012 aangehaal – die meeste van alle NWU-woordvoerders in alle kategorieë gesamentlik, naamlik gedrukte, uitsaai- en aanlynmedia.

Die NWU se tweede mees aangehaalde persoon was mnr Theo Venter, spesiale adviseur in die Kantoor van die Visekanselier en deeltydse dosent by die Besigheidskool op die Potchefstroomkampus. Hy het R15 000 se prysgeld ontvang.

Mnr Hannes Esterhuizen, die hoofafrigter van die NWU PUK-rugbyspan was in die derde plek. Dit het hom R10 000 in die sak gebring en as wenner van die subkategorie vir gedrukte media het hy nog R5 000 ontvang.

Dié wenners het saam met ander NWU-woordvoerders hul kundigheid via die media met die publiek gedeel in altesaam 12 186 media-items. Vergeleke met die 7 730 in 2011 is dit 'n gesonde groei van 57,6%. As die 2012-syfer vergelyk word met die aantal artikels wat in 2010 verskyn het, toon dit 'n allemintige toename van 260%.

Van hierdie items was 11 613 gebalanseerd, 507 positief en net 66 ongunstig vir die NWU.

“Dit is altyd 'n pluimpie vir ons universiteit as die media ons woordvoerders nader, en die feit dat ons vermeldings so gestyg het, wys dat ons bydraes help vorm gee aan ons samelewing,” sê dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU. ▽

Dié NWU-personelede is bekroon as die top-mediawoordvoerders van die universiteit. Saam met dr Theuns Eloff, die visekanselier, (heel links) is van links mnr Theo Venter, die tweede mees aangehaalde persoon, mnr Hannes Esterhuizen, die derde mees aangehaalde persoon en prof André Duvenhage, wat aangewys is as die Woordvoerder van die Jaar.



Besigheidskool is mossie, maar man

Die besigheidskool van die Mafikeng-kampus is nie groot nie, maar sy besondere ligging en fokus maak dat dié mossie sy man kan staan.

Die Nagraadse Skool vir Besigheids- en Regeringsleierskap is dalk een van die kleinste en mees afgeleë van die besigheidskole in Suid-Afrika, maar sy ligging in Mafikeng en sy fokus op die openbare sektor maak hierdie besigheidskool egter uniek.

“Ongeveer 80% van ons studente kom uit die openbare sektor of semi-staatsinstellings. Met Mafikeng as die hoofstad van die Noordwes-provinsie en die setel van talle provinsiale departemente, is ons ligging dus ideaal,” sê prof Theuns Pelser wat sedert 2011 die direkteur van die skool is.

Behalwe die besigheidskool op die Mafikeng-kampus, het die NWU ook een op sy Potchefstroomkampus. Hierdie besigheidskool fokus egter hoofsaaklik op die privaatsektor.

Met die totstandkoming van die NWU in 2004 was die universiteit oortuig dat daar bestaansreg vir albei besigheidskole was, juis omdat hulle so verskil. Gelukkig het die onderwysowerhede saamgestem en kon beide voortbestaan.

Van heinde en verre

Die besigheidskool in Mafikeng verskaf MBA-kwalifikasies aan studente van die Noordwes-provinsie, asook aan studente van provinsiale owerhede van die Vrystaat, Noord-Kaap en selfs die Oos-Kaap.

Dié studente, sê prof Theuns, word gelok deur die toegespitste inhoud van die programme. Hoewel sekere kerndeले van die MBA-kursus dieselfde is as dit wat by ander besigheidskole aangebied word, onder meer finansies, bemaking, mensehulpbronne en strategie, konsentreer hulle in Mafikeng baie meer op openbaresektor-administrasie.

Dié deelydse kursus wat oor twee jaar strek, is ook teen R52 220 een van die goedkoopste MBA's in die land.

Die besigheidskool beperk hul inname tans tot 50 MBA-studente per jaar, sodat studente meer persoonlike aandag kan kry, wat weer

bevorderlik is vir beter akademiese prestasies en hoër slaagsyfers.

Beter dienslewering

Met dienslewering aan gemeenskappe hoog op die openbare agenda, kan 'n besigheidskool wat op openbaresektor-administrasie fokus, 'n groot bydrae lewer.

Kyk 'n mens na die redes vir swak dienslewering van owerheidskant af, is daar etlike faktore wat 'n rol speel, meen prof Theuns. “Bestuurskundigheid is een rede, en die verstaan van die begrip dienslewering is nog een,” sê hy.

“Onderliggend aan hierdie redes is opvoeding en onderwys. Dit is ook merkbaar dat waar daar bestuurders aangestel word wat vakkundig sterk is, die departemente – veral nasionaal – beter presteer.”

Prof Theuns glo die probleem van swak dienslewering kan oorkom word deur staatsdiensbestuurders te onderrig in intermediêre en gevorderde bestuursvaardighede.

Voorts, sê hy, sal die staatsmasjien daarop ingestel moet word om die regte kandidate te kies vir bepaalde poste, naamlik personeel met vakkundige agtergrond.

“Die keuse van personeel bly 'n funksie van die staat, maar deur openbare amptenare se vaardighede te ontwikkel kan die probleme met dienslewering aangespreek en met tyd opgelos word,” sê hy.

Volgens prof Theuns wil die Nagraadse Skool vir Besigheids- en Regeringsleierskap staatsbestuursgerigte onderrig van hoë kwaliteit lewer. “So kan die skool bestuurskundigheid bied aan dienende en voornemende staatsdiensbestuurslede op middel- en senior vlak,” sê hy.

Hierdie besigheidskool mag dalk klein wees, maar dit lewer beslis 'n betekenisvolle bydrae. Groot verwagtinge word van hierdie span kundiges gekoester. ▀



▲ Prof Theuns Pelser is die direkteur van die Nagraadse Skool vir Besigheids- en Regeringsleierskap op die Mafikengkampus.

NWU loop voor met moedertaalonderrig



Die NWU is die eerste Suid-Afrikaanse universiteit wat onderwys-studente in 'n Afrika-taal oplei om vir kinders in die grondslagfase – vanaf graad R tot graad drie – in hul moedertaal te kan skoolhou.

Die eerste groep van agt studente het onlangs hul BEd-grade ontvang nadat hulle in 2009 op die Potchefstroomkampus ingeskryf het en deur middel van simultane tolking in Setswana klasgeloop het.

“Die universiteit het dié inisiatief saam met die Royal Bafokeng-nasie onderneem omdat daar 'n geweldige tekort aan Afrikatale in die grondslagfase-onderwys bestaan,” sê prof Barry Richter, direkteur van die Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys op die Potchefstroomkampus.

Die Royal Bafokeng is by die projek betrek omdat Setswana die taal is wat in die Noordwes-provinsie gebruik word en omdat onderwys 'n groot prioriteit is vir die koning van die Royal Bafokeng en kanselier van die NWU, Kgosi Leruo Molotlegi.

Moedertaal, o soetste taal

Die NWU is een van net 12 van die 23 universiteite in Suid-Afrika wat 'n grondslagfase-kwalifikasie aanbied. Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het dié opleiding egter nog 'n stap verder geneem deur dié onderwysstudente boonop in 'n Afrikataal op te lei.

“Dit is baie belangrik dat jong kinders in hul moedertaal begin skoolgaan, omdat die basiese konsepte in dié tyd vasgelê word,” sê dr Audrey Klopper van Vroeëkindertontwikkeling.

Om te begin skoolgaan en nuwe dinge in 'n nuwe omgewing te leer, is reeds 'n uitdaging vir jong kinders. Wanneer die onderwyser dit boonop aan hulle oordra in 'n taal wat hulle nie verstaan nie, word die uitdaging net nog groter.

Dr Audrey sê dit is vir sulke jong kinders baie makliker as hulle in hul huistaal kan leer tel, lees en skryf.

Engels word wel gedurende die eerste skooljare as tweede taal aangebied om die kinders voor te berei om vanaf graad vier onderrig in Engels te kan ontvang.

Ook prof Barry beklemtoon die belangrikheid van moedertaalonderrig in die grondslagfase

en wys daarop dat die tekort aan onderwysers wat in 'n swart taal onderrig kan gee, al hoe groter word.

Om dié probleem aan te spreek het die NWU die Setswana-onderrig-inisiatief intussen verder uitgebrei na die BEd Intermediêre fase in skaars vakrigtings, asook die BEd Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase met spesialisering in tegnologie.

Daar is tans 46 studente van die Royal Bafokeng wat in verskillende fases op die Potchefstroomkampus studeer. Een van die studente wat onlangs graad gekry het, gaan vanjaar voort met haar honneursstudies.


In sy skik

Me Denise Kunstler, die taal-en-geletterdheidsbestuurder van die Royal Bafokeng Instituut, sê vir die koning is uitnemendheid in onderwys die sleutel tot die ontwikkeling en volhoubaarheid van 'n gemeenskap.

Denise sê die hulpbronne wat die afgelope vier jaar aan die onderwys in die Bafokeng- en Rustenburg-skole gewy is, het begin vrugte dra. “Dit dra by tot die toekomstige volhoubaarheid en visie van die Bafokeng.” ▾



Die kanselier van die NWU en koning van die Royal Bafokeng, Kgosi Leruo Molotlegi, ken die BEd-graad toe aan een van die studente van die Royal Bafokeng, me Tshego Diale.



Werkgewers skep die room van die oes

As jy die room van die NWU-studente in diens wil neem, moet jy nie die gereelde loopbaanuitstallings wat op die drie kampusse gehou word, misloop nie.

Die jaarlikse loopbaanuitstallings op die drie NWU-kampusse bied die ideale geleentheid vir werkgewers om studente te ontmoet.

Algemene loopbaanuitstallings is vanjaar op 7 Mei op die Potchefstroomkampus gehou en op 17 en 18 Julie kom Mafikengkampus aan die beurt.

Behalwe hierdie algemene geleentheid, was daar ook meer gefokusde uitstallings op die Potchefstroomkampus.

Op 8 Mei kon werkgewers studente van Ingenieurswese en van Gesondheids- en Natuurwetenskappe ontmoet, op 9 Mei kon hulle studente van Regte ontmoet en op 16 Mei studente van Ekonomiese Wetenskappe (Rekeningkunde).

Op 26 Julie sal werkgewers ook die rekeningkunde-studente op die Vaaldriehoekskampus tydens 'n uitstalling kan ontmoet.

“Verlede jaar het altesaam 108 uitstallers ons kampusse besoek en het sowat 7 000 studente die uitstallings bygewoon,” sê me Bernice Smit, bestuurder van die NWU se Loopbaan-sentrum.

Van die maatskappye wat gereeld uitstal, sluit in Absa, Deloitte Consulting, Standard Bank, Senwes, Teach South Africa, Hewlett Packard en Shoprite Group of Companies.

Groot, groter, grootste

“Dat die NWU se loopbaanuitstallings steeds groei, is 'n bewys dat dit voordele inhou vir studente én maatskappye,” sê Bernice.

Die getal maatskappye wat aan die loopbaanuitstallings op die Mafikengkampus deelgeneem het, het vanaf sewe uitstallers in 2008 tot 20 in 2012 toegeneem.

Op die Potchefstroomkampus het die getal somer verdriedubbel: in 2008 was daar 26 uitstallers en in 2012 78. Op die Vaaldriehoekskampus was daar nege uitstallers in 2008 teenoor 10 in 2012.

So baat almal

Behalwe dat die uitstallings loopbaangeleenthede vir studente bied, kry werkgewers ook die kans om hul maatskappye aan die studente bekend te stel.

“Navorsing het bewys dat studente verkies om persoonlike gesprekke te voer met verteenwoordigers van die maatskappye wat hulle as moontlike werkgewers oorweeg. Maatskappye se sigbaarheid op die kampus is dus baie belangrik,” sê Bernice.

Nog 'n voordeel vir maatskappye is dat hul afgevaardigdes tydens die loopbaanuitstallings met akademici kan gesels oor wat hulle van studente verwag.

Drome en sukses

Dit is dus duidelik dat die groeiende loopbaanuitstallings by die NWU tot 'n wen-wen situasie lei.

Aan die een kant is dit geleentheid waar studente se drome gestalte kry. Aan die ander kant is dit ook waar werkgewers die room van die oes kan skep om by te dra tot hul maatskappye se toekomstige sukses.

Op die ou end is die ideaal immers dat die loopbaanuitstallings soos 'n moderne sprokie sal eindig: “... en hulle het lank en gelukkig saamgewerk ...”

• *Alumni wat belangstel om deel van die loopbaanuitstallings te wees, kan gerus met me Bernice Smit skakel by 018 299 2058 of bernice.smit@nwu.ac.za.*



Netwerk is deesdae 'n belangrike werkwoord vir werkgewers én potensieële werknemers. Loopbaanuitstallings soos hierdie op die Mafikengkampus (boonste foto), die Vaaldriehoekskampus (middelste foto) en die Potchefstroomkampus (onderste foto) bied die ideale geleentheid daarvoor.



“
NAVORSING
HET BEWYS
DAT STUDENTE
VERKIES OM
PERSOONLIKE
GESPREKKE
TE VOER MET
VERTEENWOOR-
DIGERS VAN DIE
MAATSKAPPE
WAT HULLE AS
MOONTLIKE
WERKGEWERS
OORWEEG.

”



Gesprekke verstewig bande met industrie

Behalwe by loopbaanuitstallings, ontmoet die wêreld van die akademie ook dié van die industrie tydens spesiale gespreksgeleenthede wat deur die NWU gereël word.

Dié gesprekke is in 2011 begin met die doel om bande tussen die universiteit en die industrie te verstewig.

“Ons wil seker maak dat die NWU se akademiese programme aan die behoeftes van die industrie voldoen en dat die universiteit afgeronde studente lewer wat hul vaardighede kan terugploeg in die ontwikkelende Suid-Afrikaanse ekonomie,” sê dr Theuns Eloff, die visekanselier.

Die gesprekke wat in 2012 gevoer is, het op regte, ingenieurswese en opvoeding gefokus.

Belangstellendes wat deel van hierdie gesprekke wil wees, kan met mnr Louis Jacobs by louis.jacobs@nwu.ac.za of 018 299 4918 skakel. ▸

Pasmaats vind mekaar

Volgens 'n berig wat in die *Financial Mail* van 3 Mei 2013 verskyn het, is die NWU in die sewende plek (uit 'n totaal van 23 hoëronderwysinstellings) wanneer dit kom by die indiensneembaarheid van graduandi.

Nog iets wat ons uit dié opname kan aflei, is dat ons universiteite soos dié van die Vrystaat, Johannesburg en Pretoria in hierdie opsig klop.

Ons eie navorsing toon dat die eienskappe wat werkgewers die meeste in NWU-graduandi waardeer hul rotsvaste persoonlike waardes (veral respek), goeie werksetiek en gebalanseerdheid in die werkplek is.

Daar is egter ruimte vir verbetering wat betref Engelse kommunikasie en blootstelling aan die werksituasie tydens hul studies. ▸

Speletjie vereer Mandela

Die Vaaldriehoekskampus se Institute for Serious Games (SGI-SA) ontwikkel tans 'n rekenaarspeletjie vir die Mandela 27-projek as deel van 'n internasionale samewerkingsooreenkoms.

Hierdie projek is gebaseer op die sosiale gebeurtenisse wat veranderinge in Suid-Afrika en Europa te weeg gebring het gedurende die voormalige president se 27 jaar in die gevangenis. Dit is veral gemik op 16- tot 25-jariges, aangesien hierdie gebeure voor hul geboorte plaasgevind het.

Die projek behels 'n fisiese uitstalling van Mandela se tronksel en 'n eCulture-platform. Hierdie platform sal dit vir toeriste moontlik maak om Robbeneiland te verken deur middel van 'n interaktiewe kaart. Daar sal ook verwysings wees na die kulturele gebeure wat regoor Europa en Suid-Afrika afgespeel het gedurende Mandela se gevangenskap.

Die platform sluit ook 'n speletjie oor die lewe op die eiland in. Die speletjie word deur die SGI-SA in die vorm van 'n grafiese novelle ontwikkel en is op onderhoude met voormalige gevangenes gebaseer.

Dit sal op vyf elemente van lewe in hierdie tronk fokus: gevangenes is nie toegelaat om kinders te sien nie; hulle het na fisiese aktiwiteit gesmag; opvoeding was 'n groot behoefte; alle kommunikasie is streng gesensor en boodskappe moes ingesmokkel word; hongerstakings is gebruik om hul bestaan draaglik te maak.

Die ander vennote in die Mandela 27-projek is die Robbeneiland-museum, Brittanje se Coventry Universiteit, die Europese Unie se Kulturele Program, België se Kreatiewe Stories-projek en Elderberry, 'n inhoud-ontwikkelaar in Swede. ▶

Prof Marie en prof Daan Wissing het al 'n paar sakke sout saam opgeëet.



Proffies na 45 jaar nog verlief

Proff Daan en Marie Wissing is reeds 45 jaar by die NWU se Potchefstroom-kampus betrokke, vir net so lank getroud en steeds so gelukkig soos toe hulle destyds hier tydens ontgroening ontmoet het.

Prof Daan (72) was toe 'n vierdejaar-oumeneer en redakteur van die studente-koerant en prof Marie (68) 'n beangste eerstejaar.

Min het sy geweet dié oumeneer het lankal reeds van haar gelees in die destydse Sarie Marais-vrouetydskrif nadat sy op die atletiekveld vele provinsiale rekords laat spat het.

Volgens prof Daan, 'n senior navorser in fonologie en akoestiese fonetiek by die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt), het haar groot, gevoelvolle oë sy hart gesteel.

Op haar beurt waardeer prof Marie, 'n senior navorser in sielkunde by die Afrika-Eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR), weer haar man se uniekheid.

As hulle gevra word hoe mense in so 'n lang huwelik dit regkry om mekaar nie te vermoor nie, antwoord prof Marie: "O goeiste, ons leef nog, maar soek ook maar na al die groot raaisels van die lewe. Probeer seker om regverdig te veg as daar dan so iets moet wees..."

Prof Daan was meer diplomaties met sy terugvoer: "Nou waarom sal ons dit dan nou wil doen?"

Die twee is ouers van 'n tweeling, Henk en Jan, en spog met vyf kleinkinders.

As hulle studente in die lewe en huwelik kon skool, sou hulle hul wou leer van saam betekenis skep, respek, saam bly wees, van hande hou om die kersie van die liefde al waai die wind woens, om jou eie menswees te ontdek, van genade, vergifnis en veral van dankbaarheid... ▶

Met erkenning aan Nicolize van der Walt – BEELD

NWU rus Noord-Kaapse grondslagfase-onderwysers toe

Die NWU pluk die vrugte van sy harde werk nadat amper 80 grondslagfase-onderwysers van die Noord-Kaap hul Gevorderde Onderwysertifikate (GOS) ontvang het.

Dit volg op die toekenning van 'n tender in 2010 aan die Eenheid vir Oop Afstandslereer (EOAL), in samewerking met die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, vir die professionele ontwikkeling van grondslagfase-onderwysers in die provinsie.

Die NWU, via die EOAL, bied toegang tot verdere onderwys aan praktiserende onderwysers deur middel van 'n oop afstandslereer-benadering.

So voldoen die eenheid aan die dringende behoefte van praktiserende opvoeders om hul kwalifikasies op te gradeer.

'n Praktiese komponent – 'n ekstra akademiese jaar – is bygevoeg by die standaard GOS-program op versoek van die Noord-Kaapse Departement

van Onderwys. Gedurende hierdie bykomende jaar ontwikkel onderwysers toegepaste klaskamerbevoegd-hede en word hulle bemagtig om leerders met spesiale behoeftes te ondersteun.

Volgens die onderwysers wat die program voltooi het, is hulle nou baie beter toegerus om leerprobleme te identifiseer en daarop te reageer. 'n Tweede inname van 250 onderwys-studente behoort die program teen die einde van 2014 te voltooi. ▸

Voormalige studenteleier se droom word waar

Mnr Tsietsi Mmutle, die 2011/2012-voorsitter van die Kampus Verteenwoordigende Studenteraad (KVSR) op die Mafikengkampus, het tydens die amptelike opening van die huidige akademiese jaar die Rektor se Leierskaptokening ontvang.

Hierdie gesogte toekenning word gegee aan 'n student wat buitengewone leierskapseienskappe geopenbaar het.

"Tsietsi het die KVSR gedurende 'n baie uit-

dagende jaar gelei, en steeds daarin geslaag om te verseker dat die kampus een van die suksesvolste akademiese jare beleef, soos deur ons kernbesigheiduitsette aangedui is.

"Hy het ook 'n buitengewone bydrae tot die lewendige studentelewe asook tot stabiliteit op die kampus gelever," sê prof Dan Kgwadi, die kampusrektor.

"Stagato", soos hy ook bekendstaan, sê hy voel geëerd deur die kampus se erkenning van sy bydrae tot die groei daarvan.

As deel van sy toekenning het Tsietsi 'n merietebeurs ontvang om as uitruil-meestersgraadstudent aan die Hanseo Universiteit in Suid-Korea te studeer. Hy het ook 'n skootrekenaar van RECTRON ontvang.

"Hierdie merietebeurs is 'n droom wat waar geword het en ek sal my bes doen om niemand teleur te stel nie," sê hy. ▸

“

HY HET 'N BUITENGEWONE BYDRAE TOT DIE LEWENDIGE STUDENTELEWE ASOOK TOT STABILITEIT OP DIE KAMPUS GELEWER.

”



◀ Prof Dan Kgwadi, die kampusrektor, oorhandig die Rektor se Leierskaptokening aan die 2011/2012-voorsitter van die KVSR, mnr Tsietsi Mmutle.

STSWT straal vertroue uit

Die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT) op die Mafikengkampus is deur die Raad vir Geowetenskap gekontrakteer om dienste in toegepaste stralingswetenskap en -tegnologie te verskaf.

Die STSWT sal ook namens die Departement van Minerale Hulpbronne steun vir stralingsmeting en -evaluering in die Raad se projek oor verlate en eenaarlose myne verskaf.

Volgens die Raad vir Geowetenskap is die doel van hierdie aanstelling om hulle aktiwiteite op die gebied van omgewingsondersoeke met die STSWT se ervaring en infrastruktuur in stralingsmeting en -evaluering aan te vul.

Die omvang van die werk sluit onder andere blootstellings-evaluering in wat gegrond is op die meting van stralingsvlakke in vaste materiaal en water, op en weg van mynhope af.

Prof Matthews Khambula, direkteur van die STSWT, sê dat die sentrum heeltemal gereed is om die verlangde dienste te verskaf.

Die STSWT word as 'n baanbreker in toegepaste stralingstudies beskou.

Dit is in 1998 as samewerkende poging tussen die NWU en eksterne industriële en navorsingsbelanghebbers gestig.

Dié rolspelers sluit in Eskom, die Nasionale Kernreguleerder (NRR), die Kernenergiekorporasie van Suid-Afrika (NECSA), die iThemba Laboratorium vir Versnellergebaseerde Wetenskappe (iThemba LABS), die Modulêre Korrelbedreaktor-groep (PBMR) en die Nasionale Navorsingstigting (NNS). ▀

Sakedrome +



NWU bemagtig vroulike entrepreneurs

Die Ondernemingsontwikkelingsentrum (OOS) op die Vaaldriehoekskampus het onlangs sy Ondernemende Vroue-program van stapel gestuur om vroulike entrepreneurs te help om hul doelwitte te bereik en hul sakedrome te verwesenlik.

Die OOS is daartoe verbind om vroulike entrepreneurs van die vaardighede te voorsien om hul besighede uit te brei.

Die sentrum wil ook as platform dien waarvandaan hierdie besighede tot stand kan kom as langtermynbou-stene vir ekonomiese volhoubaarheid.

Die Ondernemende Vroue-program is 'n agt maande lange program wat daarop gemik is om besigheidsondersteuning te bied aan vroue wat hul eie besighede wil vestig.

Gedurende die program sal deelnemers die geleentheid gegee word om idees te ondersoek, besigheidsmodelle te ontwikkel en selfvertroue en entrepreneuriese kundigheid op te doen.

Volgens mnr Johan Landsberg, bestuurder van die OOS, kan 'n entrepreneuriese vrou beskryf word as 'n individu wat waag om groot te dink, berekende spronge in die duister te maak en haar drome na te jaag.

“'n Ondernemende vrou werk hard om haar drome te verwerklik,” verduidelik Johan.

Hy voeg by dat hierdie strewe na sukses aangevuur word deur die begeerte om haar onmiddellike familie en die gemeenskap in die breë te ondersteun.

“Gesamentlik en afsonderlik beskik entrepreneuriese vroue oor die potensiaal om positiewe verandering te weeg te bring – regionaal, nasionaal en internasionaal.

“Sodoende dra hulle by tot die krag en volhoubaarheid van die land se ekonomiese welstand.”

Vir meer inligting oor die Ondernemende Vroue-program, kontak vir me Leonie Greyling by 082 412 9123. ▀

'n Mens is nooit te oud om te leer nie

Deur geskiedenis te skryf, maak dr Willem Cruywagen ook geskiedenis.

Hy het op 83-jarige ouderdom sy doktorsgraad aan die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoek-kampus verwerf, 'n boek publiseer en nou, nege jaar later, sy tweede boek die lig laat sien.

Dr Willem Cruywagen, 'n oudminister en voormalige administrateur van Transvaal, is bewys dat mens nooit te oud is om te leer nie. En jy het ook nie 'n rekenaar nodig om 'n boek (of twee) te skryf nie – as jy 'n gewone balpunte en papier het, is jou stryd klaar halfpad gewonne.

Daar is 'n glimlag in dr Willem se stem as hy vertel hy is "bietjie agter met rekenaars en selfone" en dat hy die boeke met die hand geskryf het. Ons gesels oor sy huistelefoon 'n dag of drie voor sy tweede boek se bekendstelling by die Voortrekkermonument in Pretoria en jy hoor sommer die sug van verligting as hy vertel dié boek is die laaste hoofstuk in sy stamboomnavorsing.

Geskiedenis en spesifiek genealogie laat sy hart vinniger klop. "Ek was nog altyd baie lief vir geskiedenis en het dit altyd in my kop gehad om die geskiedenis van die Cruywagens na te vors," sê hy. So het sy pad later jare gekruis met prof Johann Tempelhoff op die Vaaldriehoek-kampus en dit was onder sy leiding dat hy in 2004 sy PhD verwerf het.

Sy proefskrif, getiteld "Die Cruywagens van Suid-Afrika: 'n genealogiese en kultuurhistoriese ondersoek (1690-1806)", het die wel en weë van die familie voortrefflik uiteengesit teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Ná die sukses van die eerste boek het hy nie op sy louere gerus nie en die tweede boek, *Die Cruywagens, 'n Suid-Afrikaanse familie (deel II)* hervat die geskiedenis van die Cruywagens in 1806 en vors die stamboom na tot 2011.

Dr Willem vertel dit het hom getref watter doodgewone, eenvoudige mense sy voorsate was en

"tog het hulle 'n beduidende rol in die Kaapse gemeenskap gespeel".

"Hulle was mense wat geleenthede aangegryp het en nie gewag het tot iets gebeur nie," sê hy. So was sy oupagrootjie een van die eerste inwoners in Transkei nog voor die hoofstad Umtata gevestig is. Dr Willem het ook gevind dat hy verlangs verwant is aan die bekende nuusleser, mnr Riaan Cruywagen.

Hy is vol lof vir prof Johann wat hom op so 'n rype ouderdom as student aanvaar het, want hy voel mense takseer mens graag op jou ouderdom terwyl hy op sy jare steeds so baie het om te gee.

Dr Willem sê hy het tot redelik onlangs nog in heelwat voorsitter-stoele gesit, maar besluit om die leisels neer te lê. Hy is lid van die Noord-Transvaalse Genealogiese Genootskap en woon gereeld hul vergaderings by. Verder hou hy daarvan om te lees, in die tuin te vroetel, na sport, televisienuus en Sewende Laan te kyk, of briewe te skryf.

Hy en sy vrou woon in Pretoria en ná 64 jaar van getroude lewe, vertel hy, is hy nou al 'n handige skottelgoedwasser. Die egpaar het twee seuns, vier kleinkinders en een agter-kleinkind.

'n Lewensles wat hy met lesers deel, is: "Moet jou nie blind staar na die jare in jou lewe nie, maar sorg dat daar lewe in jou jare is. My pa het altyd gesê pasop vir alles met TE voor aan, behalwe die woord Teverede."

En op 92 is hy tevrede... ▶

Die Cruywagens van Suid-Afrika: 'n genealogiese en kultuurhistoriese ondersoek (1690-1806)



Sy tent is tussen die sterre

◀ Prof Pieter Meintjes wil help om die geheime van die heelal te ontsyfer. In die agtergrond is die 10 M SALT-teleskoop op Sutherland.

Prof Pieter Meintjes, alumnus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Hoër Onderwys, wil help om die geheime van die heelal te ontrafel. Die NWU & U het by hom uitgevind presies hoe hy dit wil doen...

Hy het die wonders van die sterrekunde in 'n stowwerige dorpsbiblioteek ontdek, maar deesdae is hy aan die voorpunt van internasionale navorsing in astrofisika.

In sy hart is prof Pieter Meintjes egter steeds die klein seuntjie wat oor sterre en planete in biblioteekboeke opgelees en gewaagde wetenskaplike eksperimente agter sy toe kamerdeur uitgevoer het.

"My ma sou die stuipe kry as sy weet waarmee ek my die meeste van die tyd besig gehou het. Ek het veral goed gemeng wat kon ontplof," onthou hy.

Sy kinderjare is egter ligjare verwyder van die loopbaan wat hom nou as gerekende akademikus en navorsers op die beheer Komitee van die nasionale astrofisika- en ruimtewetenskapprogram laat dien.

Is daar lewe daar buite?

Prof Pieter, wat deesdae in die voorste gestoeltes van astrofisiese navorsing in Suid-Afrika is, is baie opgewonde oor sy betrokkenheid by die Vierkante Kilometer-Netwerk (VKN). Dié projek is moontlik die mees ambisieuse wetenskaplike onderneming wat ooit aangepak is.

Die VKN is 'n reuse-radioteleskoop wat uit sowat 3 000 antennes bestaan wat oor 'n baie groot gebied versprei sal wees. As die oppervlak van al dié skottels bymekaargetel sou word, sal dit saam ongeveer een vierkante kilometer (1 km²) beslaan – vandaar die naam.

'n Opwindende moontlikheid is dat die VKN miskien 'n vorm van lewe – of ten minste die regte omstandighede vir die bestaan van lewe – elders in die heelal kan opspoor.

Prof Pieter meen dit sal die "ultimate" ontdekking van alle tye wees as die bestaan van intelligente buiteaardse lewe bevestig kan word.

"Ek is 100% seker dat daar biologiese lewe op ander planete moet wees. Ons melkwegsterrestelsel bevat meer as 200 miljard sterre, en daar is meer as 200 miljard sterrestelsels soos ons melkweg in die sigbare heelal, elk met meer as 200 miljard sterre.

"Statisties is daar dus 'n baie goeie kans dat daar in die melkweg alleen sekerlik meer as 'n miljoen sterre is met planeetstelsels waarin daar aardagtige planete is wat die regte omstandighede het sodat biologiese lewe kon ontspring en ontwikkel het.

"Ek is seker dat die aarde nie spesiaal is in dié opsig nie. Die skeppingsproses kon op baie meer as een plek in die heelal plaasgevind het," sê hy.

Hy het nog nooit 'n vreemde vlieënde voorwerp gesien nie, maar dink nie dit is onmoontlik dat daar in ons eie melkweg gevorderde beskawings is wat ruimte-ekspedisies uitstuur nie.

"Daar is tans meer as duisend planete buite die sonnestelsel ontdek waarvan 'n paar baie goeie kandidate vir biologiese lewe is," sê hy.

Puk-burgers en goeie vriende

Prof Pieter, tans 'n professor in fisika aan die Universiteit van die Vrystaat, het sy MSc- en PhD-grade in fisika aan die NWU verwerf. Boonop het die liefde van sy lewe saam met hom klas gedraf en is sy vandag nog aan sy sy.

Prof Pieter en vroulied Rina, wat 'n MSc in chemie verwerf het, is ouers vir Madeleine, 'n eerstejaar- mediese student by die Universiteit van die Vrystaat, en Ananke, in graad agt aan die Eunice Meisieskool in Bloemfontein.

Prof Pieter koester goeie herinneringe aan die PU vir CHO. Nie net vir die befaamde Puk-burger by die studentesentrum wat sy stapelvoedsel was gedurende sy studentedae nie, maar ook die goeie vriendskappe wat hy hier gesluit het.

“Ek het nog steeds kontak met die Fisika-departement van die NWU. Ek is veral goeie vriende met prof Johan van der Walt, prof Adri Burger en dr Christo Venter. Ek mis Potchefstroom veral omdat dit 'n heerlike studentedorp is wat wonderlike fietspaadjies gehad het,” sê hy.

Hy tree gereeld op as eksterne eksaminator vir die Fisika-department se voorgraadse en nagraadse modules, asook die eksterne eksaminering van MSc- en PhD-studente.

Volgens hom het die NWU, en spesifiek prof Okkie de Jager, sy MSc- en PhD-studieleier, 'n reuserol gespeel om hom voor te berei vir 'n loopbaan in die akademie en navorsing.

“Okkie is tragies oorlede aan kolonkanker. Ons was baie goeie vriende tot met sy afsterwe, en ek mis hom geweldig.”

Navorsing gee SA voorsprong

Prof Pieter beskou dit as 'n voorreg en leefwyse om te kan studeer en die heelal te ondersoek.

Hy is juis deel van 'n internasionale span wat die VKN gaan gebruik om uitbarstings te bestudeer wat plaasvind rondom gravitasiekolke (black holes) en ander eksotiese voorwerpe soos neutronsterre. Hy is ook betrokke by die opleiding van 'n nuwe generasie studente wat direk betrokke gaan wees by die VKN.

Volgens hom plaas die VKN – en Suid-Afrika se betrokkenheid daarby – die land aan die voorpunt van internasionale navorsing in astrofisika. “My navorsingsgroep is ook baie nou betrokke by die groot 10 M SALT-teleskoop in Sutherland en maak gereeld van

die teleskoop gebruik in ons navorsing,” sê hy. (SALT is die Southern Africa Large Telescope, die grootste optiese teleskoop in die suidelike halfgrond.)

Prof Pieter is die outeur en mede-outeur van ongeveer 60 publikasies in hoëprofiel-internasionale vakjoernale en gepubliseerde konferensie-uitgawes.

Hy was vir 'n na-doktorale jaar by die Max Planck Instituut vir Ruimtewetenskap naby München in Duitsland en hoop om weer in die toekoms 'n jaar oorsee te kan deurbring.

Aalwyne en Bach

As hy nie met sy kop in die sterre is nie, hou prof Pieter daarvan om met sy vingers in die tuin te vroetel – hy is versot op vetplante en aalwyne.

As hy agter sy lessenaar sit, sal jy altyd klasiese musiek in die agtergrond hoor, veral werke van komponiste soos Bach, Schubert, Brahms, Chopin en Debussy.

Al wil hy help om die geheime van die heelal te ontbloot, besef prof Pieter ook dat die mens klein en nietig is en nooit al die geheimnisse van die skepping sal verstaan nie.

Ja, al kyk die seuntjie van Sabie deesdae nie meer in boeke na die sterre nie, maar deur ultramoderne teleskope, is die verwondering waarmee hy dit doen, steeds daar.

Hy het immers net sy tent verskuif van die klein dorpsbiblioteek na die onmeetlike ruimtes van die heelal. ▶

“

ONS MOET VERSTAAN DAT ONS SLEGS RENTMEESTERS VAN DIE SKEPPING IS. ONS MOET DIT OPPAS EN BESKERM, NIE EKSPLOITEER NIE. DIESELFDE GELD VIR MENSE – ELKEEN IS UNIEK EN ONS MOET MEKAAR MET RESPEK EN LIEFDE BEHANDEL, WANT ONS IS ALMAL NA DIE BEELD VAN GOD GESKAPE.

”

”



MEER OOR DIE VKN

Die Vierkante Kilometer-Netwerk (VKN) sal sowat 100 keer sensitiewer wees as die beste radioteleskope van vandag en sal 10 000 keer vinniger opnames van die heelal kan maak.

Ingenieurs en sterrekundiges van Suid-Afrika en 22 lande, waaronder Engeland, Amerika en Nederland, werk reeds aan

die ontwerp van die VKN, maar bouwerk daaraan sal eers in 2016 begin en behoort teen 2024 klaar te wees.

Die VKN sal kragtig genoeg wees om tot kort ná die oerknal “in die tyd terug te kyk”. Dit kan ons help ontrafel hoe die heelal gevorm het en hoe sterrestelsels ontstaan en gedurig verander. (Bron: media24)

Herskep die kernbedryf

Vergeet dat jy gehoor het die kernbedryf is 'n plek van geheimhouding waar die publiek opsetlik in die duister gehou word. Uit 'n gesprek met mnr Boikanyo Ntuane, 'n kernkragkundige en alumnus van die Mafikengkampus, blyk dit dat daar in Suid-Afrika 'n verrassende mate van deursigtigheid is.

Jy is welkom om ongemaklike vrae te vra, want dis vir ons belangrik om openlik en aanspreeklik te wees.

So sê mnr Boikanyo Ntuane, hoofinspekteur van Kernveiligheid by die Nasionale Kernreguleerder in Centurion. "Ons is die waghond van die bedryf en die publiek moet vertroue hê in ons toepassing van die regulatoriese standaarde."

Tye het beslis verander sedert Suid-Afrika 'n geheime kernwapenprogram gehad het en nie een enkele swart kernwetenskaplike nie.

Hoewel hulle nog relatief skaars is in Suid-Afrika, is daar nou swart wetenskaplikes by al die belangrike kerninstallasies en -liggame in die land. Dit geld vanaf die Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie (NECSA) tot Itemba Laboratoriums, Eskom se Koeberg-kernkragstasie in Kaapstad, en natuurlik die Nasionale Kernreguleerder.

Wat meer is, die meerderheid van hierdie wetenskaplikes het dieselfde alma mater – die Noordwes-Universiteit.

Herskep die kernbedryf

"Die NWU het baie tot die kernbedryf bygedra," sê Boikanyo.

"Die meestersgraadkursus het spesifiek ver gevorder om die bedryf soos ons dit ken, te transformeer en te verseker dat daar goed afgeronde en goed gekwalifiseerde gegradueerdes beskikbaar is."

◀ Mnr Boikanyo Ntuane is wêreldwyd betrokke by kernveiligheid.

Boikanyo is een van dié gegradueerdes. Hy was trouens 15 jaar gelede deel van die heel eerste inname van studente wat vir die MSc-graad in Kernwetenskap aan die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie aan die destydse Universiteit van Noordwes ingeskryf het.

"In 1997, toe ek nog in die onderwys was, het ek gehoor dat die universiteit die eerste inname vir sy meestersgraadprogram bekendgestel het," onthou hy.

"Gegewe die geskiedenis van Suid-Afrika was dit vir my baie interessant om op daardie tydstip deel van die transformasie te wees. Die kernbedryf was voorheen 'n taboe vir die meeste swartmense."

Boikanyo, wat toe reeds 'n BSc in Opvoedkunde aan die Universiteit van Noordwes en 'n BSc Honneurs aan Medunsa behaal het, het vir die MSc in Kernwetenskap ingeskryf.

Nadat hy gegradueer het, het hy by die Nasionale Kernreguleerder aangesluit wat vir hom 'n merietebeurs gegee het om sy MSc-graad te voltooi, en hulle is sedertdien steeds sy werkgever. Die skuif van onderwys na kernwetenskap is 'n loopbaanskuif waarvoor hy nog nooit spyt was nie – veral aangesien Suid-Afrika nie meer kerntegnologie vir destruktiewe doeleindes gebruik nie.

Vreedsame toepassings geld

"Toe Suid-Afrika in 1991 'n ondertekenaar geword het van die Kernspervdrag, is sy geriewe vir internasionale inspeksie geopen. Die land het toe vrywilliglik sy kernwapens en -vermoëns tot niet gemaak. Die kernprogram in Suid-Afrika fokus vandag op die vreedsame toepassing van kerntegnologie," sê Boikanyo.

Vreedsame toepassings sluit kernmedisyne in, soos die diagnose van kanker en die behandeling van gewasse, tesame met plaagbeheer en kunsmisproduksie in landbou en die opwekking van kernkrag.

Kerntegnologie word ook byvoorbeeld dikwels in dele van die konstruksiebedryf gebruik.



Boikanyo verduidelik: “Kerntechnologie word gebruik om seker te maak dat die digtheid van materiaal wat in paaie en brûe gebruik word op die regte vlak is.

“Dit word ook van tyd tot tyd gebruik om die ongeskondenheid van die materiaal te toets. ‘n Mens kan na krake soek sonder om die struktuur af te breek— baie soos wat ‘n X-straal ‘n gebreekte been in die liggaam kan opspoor.”

Die bedryf strek ver en wyd

Hierdie wye spektrum van toepassings beteken dat die kernbedryf groter en omvattender is as wat die meeste van ons besef.

Behalwe die drie groot kerninstallasies in Suid-Afrika (Koeberg, die Vaalputs-kernafvalterrein en die Pelindaba-kernnavorsingsentrum), het die land ongeveer 150 fasiliteite wat met NORM's werk. NORM staan vir radioaktiewe materiaal wat natuurlik voorkom (*Naturally Occurring Radioactive Materials*).

NORM-fasiliteite gebruik gewoonlik lae volumes radioaktiewe materiaal in aktiwiteite soos die ontginning en verwerking van uraan, die produksie van kunsmis, of die vervaardiging van radio-isotope (vir die doeleindes van kern-medisyn).

Al hierdie fasiliteite is onder die Wet op die Nasionale Kernreguleerder van 1999 gelisensieer en gereguleer. “Ons rol is om seker te maak dat lisensiehouers wat radioaktiewe materiaal hanteer, dit doen soos dit in die wet uiteengesit word,” sê hy.

In ‘n neutedop: as hoofinspekteur vir Kernveiligheid moet Boikanyo verseker dat net gemagtigde gebruikers radioaktiewe materiaal hanteer en dat dit nie in die verkeerde hande beland nie.

Meer as wagte en hekke

“Ons verseker dat lisensiehouers doeltreffende kernveiligheidsmaatreëls in plek het. Dit sluit fisiese beskermingstelsels in, maar strek verder as wagte en hekke,” sê Boikanyo.

“Dit behels ook sekerheidsklaring vir alle personeel van ‘n fasiliteit en die handhawing van dissipline in alle bedrywighede, van die bestuur van radioaktiewe afval tot by die gedrag van werknemers.”

Ondanks sy senioriteit en ervaring, lei hy self inspeksies wanneer dit nodig is.

In Maart 2011, kort ná die Fukushima Daiichi-kernaanleggramp (die gevolg van die tsoenami en aardbewing in Japan) het Boikanyo die Suid-Afrikaanse radiologiese noodreaksiespan gelei. Dié span moes verseker dat geen radio-aktiewe kontaminasie plaaslike kusgebiede bereik nie.

“Omdat daar vroeëre verslae was van gekontamineerde vis en groente in Japan, was monitering van alle vrag wat Suid-Afrikaanse hawens en lughawens binnegekom het noodsaaklik om die publiek en omgewing te beskerm. Gelukkig is geen kontaminasie gevind nie.”

Hierdie ervaring is nie Boikanyo se enigste in die internasionale arena nie.

Hy het byvoorbeeld ‘n tweede meestersgraad as ‘n Nelson Mandela-genoot aan die Universiteit van Sussex in Engeland voltooi. Daarby het hy Suid-Afrika ook by vergaderings, werkgroepe en konferensies van die Internasionale Atoomenergie-agentskap (IAEA) verteenwoordig.

Onvergeetlike hoogtepunte

“Een van die beste hoogtepunte van my loopbaan was toe die direkteur-generaal van die IAEA my aangestel het om van 2013 tot 2015 op die internasionale adviesgroep oor kernveiligheid te dien,” sê hy.

Die doelwitte van dié adviesgroep is om die wêreldwye kernveiligheidstelsel te verbeter en die implementering van die Kernveiligheidsplan vir 2014 tot 2017 te lei.

Nog ‘n hoogtepunt was die rol wat Boikanyo gespeel het in die daarstel van ‘n beleid en regulasies vir Suid-Afrika se kernveiligheid.

Hoewel sy werk sy passie is, kry Boikanyo steeds die tyd om tyd saam met sy gesin deur te bring. Hy hou ook van lees en musiek. “Nee, ek bespeel nie ‘n instrument nie, maar ek is ‘n goeie luisteraar!”

Boikanyo het ‘n avontuurlustige streep. Hy is ‘n sterk swemmer met ‘n voorliefde vir vlotvaarte op die rivier en het al ‘n paar rekspronge gewaag. Hy is ook ‘n beginner-gholfspeler en ‘n ywerige sosiale sokkerspeler.

“Ek is bly om te hoor dat die NKR se sosiale sokkerspan dalk weer nuwe lewe gaan kry. Ek kan nie wag daarvoor nie!” ▶

“

“DIE MEESTERS-
GRAADKURSUS IN
KERNWETENSKAP
HET SPESIFIEK VER-
GEVORDER OM
DIE BEDRYF SOOS
ONS DIT KEN, TE
TRANSFORMEER
EN TE VERSEKER
DAT DAAR GOED
AFGERONDE EN
GOED GEKWALI-
FISEERDE GEGRA-
DUEERDES BESKIK-
BAAR IS.”

”



“

EK EN MY
MEDESTUDENTE
HET VIR MEKAAR
OMGEGEE, MEKAAR
GOED VERSTAAN
EN MEKAAR BAIE
ONDERSTEUN.

”



Lewenslange vriende gemaak

Met die voorsitter van die studenteraad wat langs hom woon, moes mnr Moses Kotsokoane gedurig hoor wat 'n wonderlike universiteit die NWU is. Soos hy uiteindelik self ontdek het, het sy buurman, mnr Vaba Thabane, nie oordryf nie.

Ek was mal oor my studentejare. Ons het lewenslange vriende gemaak en was soos 'n familie.

So vertel mnr Moses Kotsokoane, nou 'n aanlegbestuurder by Sasol Polymers in Secunda, met 'n span van 45 mense wat aan hom rapporteer.

“Hoewel ons die partytjies hier en daar geniet het, het ons seker gemaak ons vergeet nie waarvoor ons daar was nie. Ons studies het eerste gekom,” sê hy.

Meer as 'n dekade nadat hy sy BSc-graad in chemie en biologie verwerf het, het Moses steeds gereelde kontak met sy mede-alumni van die Universiteit van Noordwes, nou die Mafikengkampus van die NWU.

“Ek bel byvoorbeeld iemand wat in Kaapstad is, en vra: ‘Hoe pak ek dit of dat aan?’ Professioneel en sosiaal is daar steeds baie kontak tussen ons.”

Lê 'n sterk grondslag

Moses se universiteitsopleiding het nie by sy BSc-graad geëindig nie. Toe hy 12 jaar gelede as 'n leerlingwetenskaplike by Sasol aangesluit het, het hy gevoel dat hy 'n sterker grondslag in polimeerwetenskap nodig het. (Polimere is 'n sintetiese materiaal wat gebruik word om enigiets van kredietkaarte tot tuinmeubels, matte en motorstampers te vervaardig).

Sasol het ingestem om vir sy verdere onderlig te betaal, en hy is as voltydse student na die Universiteit van Stellenbosch om sy BSc Honneurs-graad te verwerf. Daarna het deeltydse studies vir sy MSc-graad gevolg, ook deur die Universiteit van Stellenbosch.

Sy oorspronklike alma mater verdien ook 'n deel van die krediet, sê hy. “Die NWU het my 'n baie sterk grondslag gegee. Polimeerwetenskap was vir my nuut, maar die beginsels wat ek aan die NWU geleer het, het my baie gehelp en ek het maklik by die werk en my verdere studies aangepas.”

Moses is onlangs van senior wetenskaplike tot senior aanlegbestuurder bevorder. Hy is tans verantwoordelik vir polimeerproduksie – 'n rol wat volgens hom talle uitdagings bied.

“Jy moet elke dag die regte besluite neem; die verkeerde besluit kan jou miljoene in verlore produksie kos. As jy nie instandhouding behoorlik beplan nie, kan jy byvoorbeeld die hele aanleg lamlê wanneer toerusting breek. Dit is belangrik om vooruit te dink en proaktief te beplan.”

Eerste gegradueerde in die gesin

Moses is die eerste persoon met 'n universiteitsgraad in sy gesin, en as hy enigiets daarmee te doen het, sal hy nie die laaste een wees nie. Hy betaal vir die hoërondewysopleiding van twee van sy familieledes – een aan die Vaal Universiteit van Tegnologie en die ander een aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie.

“Ek glo dat onderwysers die sleutel tot sukses is en niks verskaf vir my meer bevrediging as om mense te sien wat skool toe gaan nie,” sê hy. “As God my die geleentheid gee, wil ek die onderwys van ander jongmense befonds. Ek wil hê dit moet my erflating wees.”

Op 'n vraag oor waarom hy passievol is, antwoord Moses: “My passie is om ander te help. Ek is 'n godvresende persoon en is lief vir mense. As ek die hulpbronne het, sal ek niemand laat ly nie.”

“Ek wil ook nie my basiese waardes – eerlikheid en integriteit – prysgee nie. Wat ek vir jou sê, dit doen ek. Ek doen nie goed agter mense se rug nie, en as ek iets belowe, kom ek my belofte na.”

Moses het trouens onlangs een van die grootste beloftes van sy lewe gemaak. Die NWU & U het twee dae voor sy troue met hom gesels, tussen 'n paar laaste voorbereidings vir die groot dag deur.

Veels geluk, Moses en Mampule! ▶

Perseverance doen haar naam gestand

Indien daar enige twyfel bestaan dat die toekoms hier by die NWU begin, bevestig die ervaring van me Perseverance Madoda dit beslis. Hierdie voedingkundige wat 'n landbou-opleidingsentrepreneur geword het, voer haar sukses terug na haar dae as student in Potchefstroom.

Om in Afrikaans te studeer, was vir me Perseverance Madoda een van die moeilikste dinge wat sy nog ooit moes doen, en tog sou sy dit glad nie anders wou gehad het nie.

“Al was dit moeilik, was dit die grondslag van my sukses vandag. Ek is daaraan gewoond om twee keer soveel moeite as enigiemand anders te doen,” sê Perseverance.

Sy het in Delareyville grootgeword en die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) was vir haar 'n natuurlike keuse, selfs al was haar Afrikaans 'n bietjie wankelrig.

“Alles was in *Afrikaans,” onthou sy. “Ek moes elke dag al my aantekeninge na Engels toe vertaal, en dan teruggaan om te kyk of ek verstaan wat die lektor probeer sê het. In plaas daarvan dat 'n klas drie uur geduur het, het dit vir my ses uur geduur.”

Die ekstra inspanning het regdeur haar vierjaar BSc Voedselwetenskap-studies geduur, selfs al het die taalhindernis minder geraak namate sy gevorder het. Perseverance erken wel dat sy nie soveel pret gehad het as haar maats wat van partytjies gehou het nie. “My dubbele werk het veroorsaak dat ek bloot nie die tyd gehad nie.”

Passievol oor gesond eet

Nadat sy in 1997 graad gekry het, het sy onmiddellik begin werk en by die Departement Landbou as voedingkundige ingeval.

Sy is baie geesdriftig daarvoor om vir swartmense goeie eetgewoontes te leer. “Baie mense weet nie dat goeie kos siektes kan voorkom, terwyl ongesonde eetgewoontes 'n mens siek kan maak nie,” sê sy.

Perseverance het besef dat dit nodig is om die groter prentjie van voedselsekuriteit en landelike ontwikkeling raak te sien, en het vir haar BSc Honneurs in Ontwikkelingsstudies ingeskryf aan die voormalige Universiteit van Bophuthatswana, hierdie keer as deeltydse student.

Dit het beteken dat daar min speelyd en nog harde werk was, iets wat Perseverance soos gewoonlik met 'n glimlag aanvaar het.

Intussen het sy as voedingkundige 'n bietjie moedeloos geraak oor die Departement Landbou.

“Ek moes vir mense wat landbou bedryf het, bewys dat ek as voedingkundige belangrik is. Jy kan baie kos produseer, maar as jy nie weet hoe om dit gaar te maak nie, sal mense steeds 'n gebrek aan voedselsekureitê hê. Dit was nie maklik – veral nie as vrou nie – om mense te oortuig dat ek net so veel van voedsel en voedselsekureitê weet as wat hulle van voedselproduksie weet.”

Sprei haar vlerke

Oortuig dat sy die potensiaal het om meer met haar vaardighede uit te rig, het Perseverance in 2006 bedank en 'n jaar deurgebring as voedingskonsultant by 'n nieregeringsorganisasie wat deur die Nederlandse Ambassade befonds is.

Sy het daarna haar eie geld gebruik en met behulp van 'n banklening 'n 45-hektaarplasia naby Klerksdorp gekoop. Sy het die regering vir fondse genader om dit te help ontwikkel. Met 'n tweede banklening het sy nog 'n plaas gekoop en gou het sy die geriewe gehad om hidroponiese groente te kweek en kleinvee en braaihoenders te teel. (Hidroponies beteken om iets in 'n voedingsoplossing te kweek, sonder grond.)

Dit het die weg berei om haar eie opleidingsentrum, Thuto-ya-Setshaba, te stig. Dié sentrum bied kortkursusse en leerderskappe in voedselproduksie vir begunstigdes van grondhervorming, opkomende boere en werklose mense aan.

Dink groot, en dan nog groter

Thuto-ya-Setshaba het oor die afgelope ses jaar 'n reusesukses geword.

Dit is by twee sektorale onderwys en opleidingsowerhede (SETA's) geakkrediteer om



'n sertifikaat in plant-, diere- en pluimveeproduksie te verskaf, en lok 'n vaste stroom ywerige leerders.

Perseverance het nou 22 voltydse werknemers in diens, meestal onderwysers wat kenners op hulle vakgebied is. Onder hulle is 'n diereproduksiekenners met 'n meestersgraad en 'n tuinboukundige met 'n honneursgraad.

Noordwes se Departement Landbou het in 2010 vir Perseverance as Vroulike Entrepreneur van die Jaar aangewys.

Sy is steeds nie tevrede met alles nie en mik nou selfs nog hoër. Sy verwag om binnekort te hoor dat haar aansoek om as privaatkollege vir Voortgesette Onderwys en Opleiding te registreer, goedgekeur is.

“My mikpunt is om 'n volwaardige landboukollege vir jong boere te stig.”

Vir enigeen wat aan die krag van deurstellingsvermoë getwyfel het, is dit werklik stof tot nadenke. ▸

** Ingevolge ons beleid van funksionele meertaligheid bied die NWU reeds sedert 2003 opvoedkundige tolking aan studente. Die hoofdiens word op die Potchefstroomkampus gelewer, waar sowat 30% van alle modules tans getolk word.*

Die lang pad

Geen probleem is te groot om op te los nie; jy hanteer dit net een tree op 'n slag. Dit is wat lang afstande mnr Corrie Botha geleer het. Nog 'n les is dat vasbyt en lang, harde ure jou vorentoe dryf om uiteindelik sukses te smaak. Die NWU & U het met hom gesels terwyl hy vir sy 16de Comrades Marathon voorberei het.



◀ Mnr Corrie Botha bewonder die uitsig oor London vanaf St Paul-katedraal.

na sukses

As hy soggens om 05:00 met sy drafskoene in die pad val, dink hy nie aan werk nie. Dan is dit net hy en die oop stuk pad voor hom.

Want as algemene bestuurder by die grootste koeldrank-, bierblikkie- en dekselvervaardiger in die land, is mnr Corrie Botha gewoon om op sy voete te dink en nie weg te skram van uitdagings nie.

Hy het aanvanklik meganiese ingenieurswese op die Vaaldriehoekskampus studeer en sê vandag dit is dié studierigting wat hom selfdisipline en deursettingsvermoë geleer het.

“Ek het daarvan gehou om te weet hoe goed werk en hoe dit aanmekaar gesit word en dit het my belangstelling in ingenieurswese as ‘n loopbaan geprikkel,” sê hy.

Hier lê sy hart

Corrie se verbintenis met die NWU strek oor jare.

Hy het so te sê op die voorstoep van die Vaaldriehoekskampus grootgeword en het sy skoolloopbaan in Vanderbijlpark voltooi. Dit is ook hier waar hy sy vrou, Marianne ontmoet het terwyl sy BCom studeer het. Hoewel sy al as skoolmeisie reeds sy oog gevang het, het die liefde eers op universiteit gebloom. Die paartjie is in 1989 getroud en Corrie het die jaar daarna graad gekry (BEng Meganies).

Corrie sê die waardes wat hy by die universiteit en spesifiek in sy studierigting aangeleer het, het hom deur moeilike tye gehelp. “Dit is iets wat niemand van jou weg kan vat nie en het my al baie gehelp om deur te druk en sukses te behaal,” sê hy.

Vriende en familie

Hy het nog gereeld kontak met universiteitsvriende en baie van hulle was ook kollegas by ArcelorMittal waar hy gewerk het. Hy spot en sê Marianne is die grootste universiteitsvriend wat hy kan hê, want hy sien haar baie gereeld. Die egpaar het twee seuns.

Corrie het in 2004 deelyds vir sy MBA ingeskryf en in dieselfde jaar as wat sy oudste seun matriek geskryf het, het hy graad gevang. Corrie is tans ondervoorsitter van die Vaaldriehoekskampus se advieskomitee vir alumni en besoek nog gereeld die kampus.

Sy jongste seun, Stephan, is tans ‘n BCom-student aan die NWU in Potchefstroom. Corrie junior, die oudste, het ook sy grade in Potchefstroom verwerf en woon nou in Amsterdam in Nederland. Volgens sy pa beplan hy egter om binnekort terug te keer na Suid-Afrika omdat hy maar net nie aan die “goor weer” gewoon kan raak nie.

Gaan groen

Sowat 70% van alle koeldrank- en bierblikke word weer herwin. Trouens, dit is die verpakkingsmateriaal wat die meeste herwin word van alle materiale, sê Corrie.

Blikkies wat klaar gevul is, kan egter nie weer gebruik word nie. Dié herwinde blikkies vanuit die handel of van verbruikers word aan staalvervaardigers verkoop om gesmelt te word. Ook die skroot (staal en aluminium) wat tydens die vervaardigingsproses ontstaan, byvoorbeeld stukke metaal wat afgesny word of blikkies wat substandaard is, word saamgepers en aan staalvervaardigers verkoop wat dit weer smelt.

Herwinning, besparing en optimale benutting van natuurlike hulpbronne is uiters belangrik vir Bevcan en sy kliënte.

“Daar is deurlopende verbeteringsprojekte om natuurlike hulpbronne te bespaar. Alle afval wat gegenereer word uit die vervaardigingsproses word geskei en sover moontlik hergebruik om die wegdoening van afval te minimaliseer,” sê Corrie.

Collect-a-can is ‘n besigheid wat deur ‘n gesamentlike ooreenkoms tussen Bevcan en ArcelorMittal in die lewe geroep is met die doel om herwinning van blikke te verseker.

Dit dien terselfdertyd as ‘n gemeenskapsprojek aangesien mense vergoed word vir die herwinning van blikke.

Lees gerus meer hieroor by www.collectacan.co.za.



▲
Mnr Corrie Botha, sy vrou Marianne en twee seuns, Corrie junior en Stephan tydens 'n reis deur Namibië.

VAN BLADSY 29

Dis goeie nuus vir die Bothas wat dit geniet om tyd saam met hul geliefdes te spandeer. "Ek en Marianne is groot vriende met ons twee seuns en ons kuier graag saam," sê hy.

Hulle geniet dit ook om te reis en het onlangs saam met vriende 'n toer deur Engeland, Skotland en Ierland onderneem. Die gesin het ook al saam met vriende deur Namibië gereis.

Nuwe uitdagings

Nadat hy vir 24 jaar by ArcelorMittal Steel in Vanderbijlpark betrokke was waar hy verskeie bestuursposte beklee het, het Corrie in 2010 'n nuwe uitdaging aangepak toe hy 'n bestuurspos by Nampak Bevcan se aanleg in Springs aanvaar het.

Bevcan se Springs-aanleg is die grootste in die land en vervaardig 1,4 miljard koel drank- en bierblikkies en 3,2 miljard deksels per jaar. Die aanleg waarvoor Corrie verantwoordelik is, is tans besig met 'n R1 miljard-projek om die blikmark om te skakel van staal na aluminium.

"Die werk is baie uitdagend – nie een dag is dieselfde as die vorige nie en ek het die vryheid om besluite te neem wat nodig is om die uitdagings aan te spreek.

"Die besigheidsomgewing waarin Bevcan funksioneer is baie dinamies en ek geniet dit om struktuur te gee waarbinne die besigheid en sy mense met sekerheid en selfvertroue kan funksioneer," sê hy.

Belangrike bates

Vir Corrie is werknemers die belangrikste bate van 'n besigheid. "Indien jy jou mense deeglik oplei en goed omsien na hulle, sal hulle hul kant bring en 'n effektiewe besigheid bedryf," sê hy.

Volgens hom is dit maklik om 'n besigheid te bestuur en besluite te neem indien jy dit aan jou Christelike waardes en norme meet.

"'n Bestuurder moet nie net besluite kan neem wat ekonomiese groei sal verseker nie, maar moet dit op 'n gesonde basis doen, op grond van norme en waardes waarmee jy as Christen gemaklik is," sê hy.

Dit is egter nie net die mense saam met wie hy werk wat vir Corrie belangrik is nie. Sy grootste uitdaging is om kliënte-tevreedenheid te verseker. Die kliënt moet die regte kwaliteit produk op die regte tyd kry. Hy spandeer dan ook die grootste deel van sy dag in die aanleg, "want dit is waar jy die hartslag van die besigheid kan voel".

Tree vir tree

Corrie het in matriek vir 'n vriend gesê hy gaan nog eendag die Comrades hardloop. Hy het op skool "redelik goed gedoen" in middelafstande en op universiteit fiks gebly deur te draf en rugby vir die koshuis en die o/21-universiteitspan te speel.

As offisier in die weermag het hy die eerste keer aan die Wally Hayward-wedloop deelgeneem. Dit is hier waar die gogga gebyt het en hy hard begin werk het om sy droom te verwesenlik om aan die Comrades deel te neem.

Corrie draf elke dag tussen 10 en 15 km en op 'n Saterdag enigets tussen 20 en 60km. "Ek het van die begin af besluit dat my hardloperij die minimum impak op my gesinslewe mag hê. Ek hardloop dus vroeg in die oggend, winter en somer. As alles goed gaan, is dit hierdie jaar my 16e Comrades."

Corrie lei sy lewe volgens die leuse: As iets die moeite werd is om te doen, doen dit goed – 'n lewensles wat 'n mens gerus ter harte kan neem. ▀



Gaan **GROEN** of gaan huis toe

Groen is meer as net 'n kleur by die NWU – dit dui deesdae op 'n omgewingsvriendelike ingesteldheid en 'n strewe om die universiteit se koolstofvoetspoor te verklein.





▲ Daar is herwinningstasies op die NWU-kampusse en by die Institusionele Kantoer vir papier, glas en plastiek. Hier dra me Sinki Mlambo, die primaria van die Oosterhof-dameskoshuis op die Potchefstroom-kampus haar deel by vir herwinning.

Om sy koolstofvoetspoor te verklein, pak die NWU verskeie inisiatiewe op institusionele en kampusvlak aan.

Op institusionele vlak het die universiteit byvoorbeeld verlede jaar die Potchefstroomkampus se Sentrum vir Omgewingsbestuur gevra om vas te stel tot watter mate die NWU aan toepaslike omgewingswetgewing voldoen.

Die sentrum het 'n omvattende oudit op elke kampus en by die Institusionele Kantoer gedoen en die resultate daarvan in afsonderlike verslae vir elke besigheidseenheid vervat. Hulle het ook 'n lys van hoëvlakrisiko's en 'n aksieplan vir die NWU saamgestel.

Naas die inisiatiewe op institusionele vlak, het al drie kampusse ook reeds verskeie projekte geloods om groen te word. In sommige gevalle word 'n spesifieke soort projek op al drie kampusse geloods, en in ander gevalle het kampusse hul eie projekte.

Koshuise ding mee

Een van die projekte wat in mindere of meerdere mate op al drie kampusse aandag kry, is kompetisies tussen koshuise om die inwoners aan te moedig om krag te bespaar.

Sedert die Potchefstroomkampus verlede jaar so 'n kompetisie geloods het, het dit tot 'n indrukwekkende besparing van byna R1 miljoen op dié kampus gelei.

Volgens mnr Koos Degenaar, direkteur van Bemaking en Kommunikasie op die Mafikengkampus, gaan hulle 'n soortgelyke kompetisie op hulle kampus loads.

'n Kompetisie tussen die koshuise van die Vaaldriehoekkampus word ook in die vooruit sig gestel, sê prof Johann Tempelhoff, voorsitter van die Groenkomitee op daardie kampus.

Hy glo die aanvoorwerk hiervoor is reeds gedoen toe die groep bekend as 49M onlangs die kampus besoek het.

Die 49M-span, wat ook al die Mafikeng- en Potchefstroomkampus besoek het, se doelwit is om Suid-Afrikaners te inspireer om krag te bespaar. Tydens hul besoeke aan kampusse moedig hulle studente aan om 10% van hul huidige kragverbruik te spaar.


Die 49M-projek is 'n Eskom-inisiatief en word deur handel en nywerheid en die regering ondersteun.

In lyn met die 49M-projek is daar reeds maatreëls dwarsoor die NWU ingestel om krag te bespaar. Hierdie maatreëls wissel van die gebruik van sonkraggeisers tot die instel van energiebeheertoestelle, byvoorbeeld dié waarmee lugversorgers outomaties afgeskakel kan word as noodkrag gebruik word.

Studente werk saam

Volgens prof Johann is die studente op die Vaaldriehoekkampus baie opgewonde oor die groen projekte op die kampus en kry die Groenkomitee baie ondersteuning van die studenteraad.

"Die Mafikengkampus se studenteraad het ook reeds onderneem om saam met my te werk aan die groen projekte wat ons vanjaar gaan loads," sê Koos.



Vaal is eintlik groen



Mnr Janco Jordaan, voorsitter van die studenteraad op die Potchefstroom-kampus sê hulle werk nou saam met mnr Jean-Marc Stidworthy van Bemaring en Kommunikasie aan die groenkampusprojek. Die gedeelte van die projek waarby studente direk betrokke is, word vanuit die studenteraadsportefeuje Aktuele Sake gedryf.

As deel van die groenkampusprojek het die studenteraad vroeër vanjaar 'n bewusmakingsweek geloods. Tydens dié week het die studente onder meer 70 bome op die kampus geplant.

Meer as 50 projekte

Volgens Jean-Marc, wat die projekbestuurder van die Potchefstroomkampus se groenkampusinisiatief is, is daar nou meer as 50 groen projekte op dié kampus.

Dié projekte fokus op onder meer afvalbestuur en energiebesparing en sluit byvoorbeeld 'n fietsryprojek en 'n pendeldiens op kampus in. Selfs die eetplekke op die kampus heroorweeg die toedraai van kosprodukte sodat polistireen uiteindelik uitgefaseer kan word.

Ook talle van die kampus se gemeenskapsprojekte bevat 'n groen element, byvoorbeeld waar mobiele sonpanele voorsien word aan leerders wat nie elektrisiteit by die huis het nie. 'n Ander voorbeeld is die "ruilwinkelprojek" waar leerders by skole in die gemeenskap aangemoedig word om hul herwinbare produkte in te ruil vir skryfbehoeftes, speelgoed en ander items.

Nog 'n gemeenskapsprojek wat op die idee van groenwees geskoei is, is die FLAGH-projek waar vroue geleer word

om verskillende items van herwinde materiaal, onder meer glas, te maak en te verkoop.

Papierlose omgewings

Nog 'n stap in die rigting van groener kampusse, is papierlose vergaderings.

"Die uitvoerende bestuur van die Mafikengkampus het onlangs hul eerste papierlose vergadering gehad en dit het baie goed gegaan," sê Koos.

Volgens Jean-Marc hou die bestuurskomitee op die Potchefstroomkampus ook reeds papierlose vergaderings en het verskeie fakulteite op die kampus ook al in dié rigting beweeg.

As bydrae tot die strewe na papierlose omgewings gee die Vaaldriehoekkampus hul studentekoerant, Student 24/7 net in elektroniese formaat uit.

In nog 'n stap na 'n papierlose omgewing het die Potchefstroomkampus reeds in 2011 begin om studiegidse vir eerstejaars van die Fakulteit Teologie net elektronies beskikbaar te stel.

Dit is deel van 'n projek waar eerstejaars skootrekenaars moet koop waarop die studiegidse reeds gelaai is. Teologiestudente is reeds tot op derdejaarsvlak by die projek betrokke.

Hoewel die studiegidse vir die res van die NWU se 15 fakulteite nog gedruk word, is almal wel ook elektronies op eFundi beskikbaar.

Met al hierdie kreatiewe idees vir 'n groener NWU in omloop, lyk dit asof 'n ingesteldheid van omgee vir die planeet en sy toekoms besig is om pos te vat. ▀

lets wat die Vaaldriehoekkampus van die ander kampusse onderskei, is dat dit op die oewer van die Vaalrivier in 'n verklaarde natuurreservaat geleë is.

As 'n mens die wandelpaadjies op die 3 km-oewerfront volg, kry jy 'n verskeidenheid wildspesies te sien, onder meer ape, swartwildebeeste en springbokke. Daar is ook verskeie damme met ganse op die kampus en dié platpotiges het selfs hul eie voetgangers.

Prof Johann Tempelhoff sê van die personeel op die Vaaldriehoekkampus is baie geïnteresseerd in die groenwees van die kampus. "Me Irene Muller van ons Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe is byvoorbeeld tans besig met 'n meestersgraad in Omgewingstudies en sy fokus spesifiek op ons kampus," sê hy.

Boonop spog die Vaaldriehoekkampus se Facebook-bladsy met 'n skakel na die bladsy "Vaal go green" waarop inligting en foto's van groen projekte beskikbaar is. Ook op die Potchefstroomkampus se webblad en sosiaalnetwerkbladsy is daar inligting oor hul groen projekte.

Die Vaaldriehoekkampus se Groenkomitee het ook verlede jaar 'n IT-volhoubaarheidskompetisie geloods. Studente moes voorstelle maak oor hoe om tegnologiegebruik meer volhoubaar te maak. Een van die woorde is om die gradering van EPEAT, 'n organisasie wat wêreldwyd aandui watter elektroniese produkte omgewingsvriendelik is, te gebruik wanneer jy elektroniese toerusting aankoop.

Van die ander voorstelle was: hergebruik dele van ou rekenaars, skakel rekenaars en skerms af wanneer hulle nie gebruik word nie, en gebruik sonpanele om verkoelingsstelsels in rekenaarlaboratoriums aan te dryf. ▀

Argief bewaar gister se waterdata vir môre

Water en lewe op aarde is onlosmaaklik verbind en daarom is die bewaring van ons watererfenis in 'n argief onontbeerlik vir die toekomstige ontwikkeling van ons waterbronne.

Die NWU se Vaaldriehoekskampus het onlangs 'n waterargief in samewerking met die Waternavorsingskommissie (WNK) van Suid-Afrika tot stand gebring.

Dié argief, bekend as die South African Water History Archival Repository (SAWHAR), bevat geskiedkundige data oor water, onder meer die verhale van groot waterprojekte wat in Suid-Afrika onderneem is, byvoorbeeld die Tugela-skema en die bou van die Gariepdam.

Argief is noodsaaklik

Vir prof Johann Tempelhoff van die Skool vir Basiese Wetenskappe, onder wie se leiding die argief tot stand gekom het, is daar geen twyfel oor die belangrikheid van so 'n argief nie.

“In die lig van klimaatsverandering en met 'n wêreldbevolking van 7 000 miljoen mense wat dikwels onverantwoordelik optree in hul omgang met water, is hierdie bewaringsaksie van kardinale belang.”

Prof Johann glo die kennis wat deur die eeue opgebou is, moet as basis dien vir die toekomstige ontwikkeling van waterbronne in Suid-Afrika en wêreldwyd.

Baie waardevolle waterdata in die vorm van hardekopiedokumente én elektroniese dokumente (digitaal) het reeds verlore gegaan en die daarstel van die waterargief kan keer dat nog meer inligting verloor word, sê prof Johann.

Die argief fokus hoofsaaklik op digitale (rekenaar-)inligting, maar bevat ook hardekopie-

dokumente. Laasgenoemde word tans in die bestaande biblioteek op die Vaaldriehoekskampus gehuisves en sal uiteindelik oorskuif na die nuwe kampusbiblioteek wat waarskynlik vroeg in 2014 voltooi sal word.

“Ons win reeds digitale argiefmateriaal in. Een oorsese skenker is byvoorbeeld besig om sy volledige argief van inligting wat in Suid-Afrika en Brittanje ingesamel is elektronies aan ons deur te gee,” sê prof Johann.

“Ons hoop om uiteindelik al die belangrikste bronne in digitale formaat vir openbare gebruik op die internet beskikbaar te stel.”

Baie baat hierby

Verskillende mense en instellings sal by die argief kan baat.

Die Departement van Waterwese se historiese rekords van so ver terug as 1920 – meestal in hardekopieformaat – sal byvoorbeeld veilig bewaar kan word in die waterargief.

Ook ingenieurs sal by die waterargief kan baat. “Ons data sal byvoorbeeld vir hulle 'n grondige kennis van die verlede verskaf – iets waarsonder hulle kwalik verantwoordelike besluite oor die toekoms kan neem wanneer hulle projekte beplan,” sê prof Johann.

Die argief sal verder van nut wees vir mense en instellings wat water bestuur of administreer, asook vir wetenskaplikes.

“Ons het reeds private versamelings ingekry wat 'n paradys van primêre bronnemateriaal

Borg woorde vir WAT en wen

WAT 'n gulde geleentheid: jy kan nou 'n woord in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) teen R100 per woord borg en moontlik 'n ABSA-belegging van R25 000 in die jaarlikse gelukkige trekking loslaan.

Boonop, as jy jou sak skud en R5 000 vir 'n woord opdok, word die woord jou "eiendom" en kan niemand anders dié woord borg nie. Alle deelnemers ontvang 'n sertifikaat met hul naam en die woord of woorde wat hulle geborg het.

Die Borg 'n Woord-projek is 'n fondsinsamelingspoging van die WAT Trust om geld in te samel sodat die laaste sewe dele van die WAT voltooi kan word.

Maar wat is die WAT?

Wat dit nié is nie, is bloot 'n enkele woordeboek wat van A tot Z strek. Dit moet ook nie verwar word met die Handboek van die Afrikaanse Taal (die HAT) wat net Standaardafrikaans insluit nie.

Dié biëlie van 'n projek gaan uiteindelik uit 20 volumes bestaan wat elk ongeveer een letter van die alfabet bevat. Dertien volumes staan reeds op die rak en die veertiende volume – die eerste van drie oor die letter S – is tans in wording.

Die WAT-volumes is in boekvorm en ook digitaal vir rekenaars en selfone beskikbaar.

Rand en sent

Die WAT-projek, wat in 1926 begin is, het tans 'n jaarlikse lopende begroting van R4,5 miljoen. Daarvan word R1,4 miljoen deur 'n staatsubsidie befonds, R2,6 miljoen deur die WAT Trust en die balans deur verkope en ander projekte.

Die drukkoste van nuwe dele van die WAT word nie deur die staatsubsidie gedek nie en beloop ongeveer R600 000. Daarby het die WAT ongeveer R100 000 per jaar nodig om nuwe elektroniese produkte te ontwikkel.

So maak mens

As jy woorde wil borg, stuur 'n bewys van direkte inbetaling of 'n tjek met **Borg 'n Woord** en jou naam as verwysing saam met jou woord of woorde, adres of e-posadres en telefoonnommer na wat@sun.ac.za of WAT Trust, Posbus 245, Stellenbosch.

Die bankbesonderhede is WAT Trust, ABSA Bank, rekeningnommer 4078244585, takkode 632005.

Skakel 021 887 3113 vir meer inligting of gaan na www.wat.co.za en klik op *Borg 'n Woord*.

kan wees vir navorsing-smulpape wat belangstel in die intellektuele geskiedenis van waterstudies."

Wêreldwye samewerking

Daar is internasionaal groot belangstelling om die wêreld se watererfenis te bevorder. Die bewaring van inligting word onder meer deur UNESCO, internasionale waterorganisasies en regerings ondersteun.

"Die waterargief sal nou saamwerk met instellings dwarsoor die wêreld. Ons gaan juis later vanjaar oor ons argief praat by 'n internasionale konferensie in Montpellier, Frankryk, waar water-historici, argivarisse en museumwetenskaplikes uit alle wêrelddele teenwoordig gaan wees.

"Die konferensiegangers beoog om 'n netwerk te vorm wat met die International Water History Association (IWHA) sal saamspan om watergeskiedenis te bevorder deur waardevolle historiese dokumente meer geredelik vir navorsing beskikbaar te stel," sê prof Johann.

Nuwe wending

Volgens hom is daar tans 'n wêreldwye omwenteling in die argiefwese en sal die waterargief ook daarby inskakel.

Dié wending gaan in die eerste plek oor groter digitale interaksie – met ander woorde die uitruil of deel van elektroniese inligting tussen instellings. Tweedens gaan dit oor deursigtigheid, wat impliseer dat inligting oor water wyer beskikbaar gemaak word, onder meer ook aan gewone watergebruikers.

Die waarde van water vir die mens kan nie onderskat word nie, sê prof Johann.

"Sowat 75% van die mens se liggaam bestaan immers uit water en uit die natuurgeskiedenis blyk dit asof die mens moontlik 'n lang tradisie van amfibiese interaksie met water het."

Uiteindelik, sê hy, sal ons onverantwoordelik wees as ons nie ons waterbronne met respek bejeën nie. ▀

Woord vir woord en syfer vir syfer bou die NWU elke Saterdag aan 'n beter toekoms vir skoolkinders in graad 10, 11 en 12.



Ikateleng BOU 'n beter toekoms

Die Ikateleng-projek bemagtig elke Saterdag sowat 1 800 leerders deur aanvullende onderrig in 'n verskeidenheid skoolvakke.

Josiah*, 'n graad 11-leerling, is een van hierdie kinders. Voor dagbreek trek hy sy skoolklere aan en klim in die taxi wat hom van Fochville af na die Potchefstroomkampus toe neem vir ekstra klasse in wetenskap, wiskunde en Engels.

Josiah doen dit omdat hy onwrikbaar aan Ikateleng glo. Dit beteken immers om jouself te bemagtig – selfs op 'n koue wintersoggend wanneer jou maats nog slaap.

Josiah se bestemming is een van ses Ikateleng-sentra. Die ander is in Vaaldriehoek, Mafikeng, Lichtenburg, Mankwe en Kimberley.

'n Wenprojek word gebore

Die "pa" van die projek is prof Tinie Theron, die dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe op die Vaaldriehoekskampus. Hy het die projek in die tyd van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) in 1988 in die Vaaldriehoek-omgewing begin.

Twee jaar later het die Potchefstroomkampus van die PU vir CHO ook betrokke geraak en ná die totstandkoming van die NWU in 2004 het dit so ver as Mafikeng en omgewing uitgebrei.

Vandag, sowat 24 jaar later, het meer as 20 000 kinders reeds by die projek gebaat en het dit gegroei tot een van die land se suksesvolste bemagtigingsprojekte.

Die idee was van die begin af dat leerders se kennis oor naweke aangevul word, maar dat die onderrig gratis aangebied moet word. Vandag nog maak die projek staat op bydraes van verskillende borge.

Meer geld, meer geleenthede

Die hoofkoördineerder van Ikateleng, mnr Darius Mhulatshi, is oortuig dat baie meer as die 100 leerders per graad wat elke Saterdag by elkeen van die sentra onderrig word, sou wou deelneem aan Ikateleng.

"Omdat ons fondse beperk is, moet ons ongelukkig ook die getalle beperk," sê hy. Leerders se vervoer na die verskillende sentra – per taxi of per bus – asook 'n ligte ete vir elkeen en 'n honorarium vir die onderwysers wat die klasse aanbied, moet uit die borggeld betaal word.

Darius, wat by Ikateleng betrokke geraak het terwyl hy nog 'n skoolhoof in Ikageng in Potchefstroom was, gaan elke jaar tussen Mei

Die Ikateteleng-projek strek oor 18 Saterdag waarvan die eerste 'n bekendstellingsgeleentheid en die laaste 'n prysuitdeling is.

en September na skole om graadnegeleerders te werf en te keur vir deelname aan Ikateleng vanaf hul graadtienjaar.

Die leerders word op grond van psigometriese toetse en akademiese prestasie gekeur en die onderwysers op grond van hul meriete en bewese rekord.

Baie van dié onderwysers word deur nog 'n NWU-bemagtigingsprojek, Sediba, opgelei. Dié projek het juis sy ontstaan aan Ikateleng te danke en fokus daarop om wiskunde- en wetenskaponderwysers se kennis en vaardighede te bevorder.

Behalwe wiskunde en wetenskap word ander vakke ook as deel van die Ikateleng-projek aangebied, byvoorbeeld rekeningkunde, lewenswetenskappe, ekonomie of bedryfseconomie, en Engels. Hierdie vakke word aangevul deur lewensvaardighede en loopbaanvoorigting.

Spogsyfers behaal

Volgens Ikateleng se hoofbemarker, mnr Chris Windell, was die projek se uitslae vir die afgelope 24 jaar hoog in die 80's, en het letterlik duisende van die graadtwaalfleerders by een van die drie NWU kampusse ingeskryf vir tersiêre onderrig.

In 2012 was die gemiddelde slaagsyfer van Ikateleng-leerders 93,4% en het die leerders altesaam 302 onderskeidings behaal.

"Hierdie slaagsyfer is 'n duidelike bewys dat die program uiters suksesvol is. Veral wanneer in ag geneem word dat die provinsiale slaagsyfer vir graadtwaalfleerders in 2012 79,5% was," sê Chris.

Elke jaar tydens die afsluitingsfunksies by die verskeie Ikateleng-sentra ontvang die afgelope jaar se beste presteerders kontantpryse. Trotse ouers en borge woon hierdie spoggeleenthede saam met die leerders by.

Josiah het verlede jaar ook verhoog toe gestap om sy pryse te ontvang. Daarmee het hy die eerste treë gegee op sy pad na sukses.

Ja, Ikateleng kry presies reg wat die woord beteken – dit bied aan kinders soos Josiah die geleentheid om hulself te bemagtig en vir hulself 'n blinknuwe toekoms te bou. ▶

* *Skuilnaam*

Word deel van Ikateleng

Die Ikateleng-projek is afhanklik van die welwillende skenkings van individue of maatskappye.

As jy of jou maatskappye die Ikateleng-projek wil ondersteun, skakel met mnr Chris Windell by chris.windell@nwu.ac.za of 082 568 1501.



Ikateleng lei tot sukses

Verskeie oudstudente van die Ikateleng-projek het reeds hul merk in die korporatiewe wêreld gemaak.

Dit sluit onder andere dr Mojaki Mosia in, 'n mensehulpbronkenner van die Universiteit van KwaZulu-Natal en me Lindokuhle Dingiswayo wat 'n senior pos by die Suid-Afrikaanse Reserwebank beklee. Ander hooggeplaastes wat deur

Ikateleng bemagtig is, is mnr Mbulelo Ntantiso, hoof van menslike hulpbronne by Sasol, mnr Ayanda Nzo, 'n senior meganiese ingenieur by Eskom en dr Kwame Adzatia, 'n mediese dokter by die Helen Joseph Hospitaal in Johannesburg.

Me Nthabiseng Seiphethlo, die enigste Ikateleng-leerder uit die Reikanne Sekondêre Skool op

Mareetsane, het dié aanvullende onderrig gebruik om 'n studiegroep by haar skool op die been te bring.

Sy het drie onderskeidings tydens haar graad 12-eksamen behaal en die skool het vir die eerste keer in sy geskiedenis nege kandidate met universiteitsvrystelling gelewer. Nthabiseng is vandag 'n student op die Mafikengkampus. ▶

Talentfees BETOWER



▲
Deelnemers aan die Feeskonsert is van links Valeska Constance, Katlego Maboe, Machiel Roets, en Anna Davel. Almal was wenners van vorige jare se talentfeeste op die Potchefstroom-kampus.

Feestelik en betowerend is gepaste woorde waarmee 'n mens die 30 Jaar-feeskonsert wat op 18 Mei 2013 op die Potchefstroomkampus gehou is, kan beskryf.

Dié konsert was 'n viering van die 30ste talentfees wat vanjaar op 17 Mei op die kampus aangebied is.

Kunstenaars en wenners van die afgelope 30 jaar het die gehoor met hul musiek-, sang- en toneelspeltalente vermaak. Onder die kunstenaars was die bekende sangeres en aktrise, Anna Davel. Sy was in 1993 die wenner van die talentfees in die kategorie Oorspronklike Komposisie. Anna het ook reeds in twee Afrikaanse films, *Liefing – Die Movie* en *Die verhaal van Susannah van Biljon*, opgetree.

Nog 'n bekende in die musiekwêreld wat by die Feeskonsert opgetree het, is Machiel Roets wat tans die hoof van musiek by die Redroofs Theatre College in Engeland is. Sy CD, "Afrika

Kind", is die eerste Afrikaanse CD wat in Engeland opgeneem, vervaardig en uitgereik is. Hy is ook die skrywer en komponis van die lirieke en musiek van die Afrikaanse musiekblyspel, *Pretville*. Machiel het die talentfees se kategorie Vokaal Ligte Musiek – Groep in 1996 gewen.

Een van die baie hoogtepunte van die Feeskonsert was 'n uitmuntende uitvoering van "Die koningin van die nag" uit Mozart se *Towerfluit* deur die sopraan Erica Eloff. Sy was 'n kategoriewenner van die talentfeeste van 1996, 1997 en 1998 en die algehele wenner van die kategorie Uitvoerend in 1998.

Behalwe dat sy reeds verskeie internasionale pryse ingepalm het, het Erika haar ook as 'n bekende en geliefde operasangeres in die Verenigde Koninkryk gevestig.

Alanka Craeffert en Su-An Müller wat die eerste prys vir die kategorie Vertolking in 2008



FOTO'S: LEANRI CUNNIFF,
SCINTILLO PHOTOGRAPHY



◀ Sinki Mlambo, die algehele wenner van die 2013-Talentfees, se sterk stem vul die ouditorium tydens die Feeskonsert.



◀ Erica Eloff is 'n formidabele koningin van die nag in Mozart se *Towerfluit*. Sy is bekend in die Verenigde Koninkryk vir haar vertolking van die rol van Fiordiligi in *Così fan tutte* vir die Britse Jeug-opera en Garsington Opera.

gewen het, het die gehoor laat skaterlag met hul professionele toneelspel.

Die ryk fluweelstemme van die sewe manne van Puk Amici, wat die kategorie Vokaal Ligte Musiek – Groep in 2011 en 2012 gewen het, het die gehoor op hul voete gehad en die student, Sinki Mlambo, het gewys waarom sy die algehele wenner van 2013 was.

In 'n bittersoet oomblik het die groep Flip a Coin aangekondig dat dit hul laaste optrede as groep is, nadat hulle agt jaar gelede op dieselfde verhoog vir die eerste keer opgetree het.

Die talentfeeste wat sedert 1984 nog elke jaar op die kampus gehou is, was die geesteskind van mnr Horst Bütow, hoof van die NWU-PUK Kunste. Die Talentfeesorkes het die kunstenaars begelei en het ook die begeleiding vir die 2013-kompetisie behartig. Dié orkes bestaan uit talentvolle studente, oudstudiante en personeel van die Potchefstroomkampus. ▶



▲ Alanka Craffert, links, en Su-An Müller tree in die toneelstuk *Mallewales* op. Alanka vertolk 'n rol in die internasionale film, *The house party* wat in 2012 verfilm is. Su-An is 'n lid van die improvisasie-komediegroep, Lagnes, en tree in kinderteaater-produksies op.



DIT BEGIN ALLES HIER BY DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

Die drie NWU-kampusse bied van die beste tersiêre onderrig in Suid-Afrika en lewer studente wat gereed is om vorm te gee aan die wêreld waarin ons leef. Jy was een van hierdie studente en is nou deel van 'n groter familie en wêreldwye netwerk – ons **ALUMNI**. Dit wat jy terugploeg, dra by tot die voortgesette ontwikkeling van die NWU. Ons alumni is ons sterkte.

Dit begin alles hier™



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

®